

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WYSIGINGSWETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die wysiging van verskeie natuurbewaringswette ten einde die administrasie van die bepalings van daardie wette na die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad oor te dra; om die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 te wysig om voorsiening te maak vir 'n nuwe omskrywing van Departement en vir die skrapping van 'n omskrywing; om voorsiening te maak vir die vermeerdering van die getal lede van die Raad; om voorsiening te maak vir bykomende bevoegdhede van die Raad; om die bepalings betreffende die aanstelling in en sekondering aan die Raad van persone te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Vervanging van Ordonnansie 19 van 1974

1. Die Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1974 (Ordonnansie 19 van 5 1974) word hierby gewysig soos aangedui op 'n afskrif van die bestaande teks daarvan soos uiteengesit in Bylae 1.

Wysiging van sekere wette

2. Die wette wat in die eerste kolom van Bylaes 2, 3 en 4 genoem word, word gewysig in die mate wat in die tweede kolom van daardie Bylaes aangedui word.

10 Wysiging van artikel 1 van Wet 15 van 1998

3. Artikel 1(1) van die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (“die Hoofwet”), word hierby gewysig—

- (a) deur in paragraaf (iii) die omskrywing van “Departement” deur die volgende omskrywing te vervang:
- 15 **“Departement”** die Departement van Omgewings- en Kultuursake en Sport genoem in Kolom 1 van Bylae 2 van die Staatsdienswet, 1994;”,
 en
- (b) deur in paragraaf (xii) die omskrywing van “**provinsiale administrasie**” te skrap.

20 Wysiging van artikel 2 van Wet 15 van 1998

4. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “nege lede” deur die woorde “twaalf lede” te vervang.

Wysiging van artikel 4 van Wet 15 van 1998

5. Artikel 4(1) van die Hoofwet word hierby in paragraaf (b) gewysig deur die woorde “vyf ander persone” deur die woorde “agt ander persone” te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 15 van 1998

6. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby in subartikels (2), (4) en (7)(b) gewysig deur die woord “vyf” deur die woord “sewe” te vervang.

Wysiging van artikel 9 van Wet 15 van 1998

7. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) in subartikel (1)—
- 10 (i) deur die inleiding deur die volgende inleiding te vervang:
 “Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Raad, vanaf die *effektiewe datum* en ten einde sy oogmerke in artikel 3 bedoel, te bereik—”, en
- 15 (ii) deur die volgende paragraaf na paragraaf (o) in te voeg:
 “(oA) behoudens artikel 51(1)(g) van die Wet op die Openbare Bestuur van Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999), trusts, en maatskappye sonder winsoogmerk beoog by artikel 21 van die Maatskappijwet, 1973 (Wet 61 van 1973), instel;”
- 20 (b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
 “(1A) Die Raad moet volgens ooreenkoms met die *Departement* dienste verskaf wat deur die *Departement* benodig word.”

Wysiging van artikel 10 van Wet 15 van 1998

8. Artikel 10(4)(a) van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “*provinsiale administrasie*” deur die woorde “ingevolge hierdie Wet” te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Wet 15 van 1998

9. Artikel 11(8) van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “die *provinsiale administrasie*” deur die woorde “’n *provinsiale departement*” te vervang.

Wysiging van artikel 12 van Wet 15 van 1998

10. Artikel 12(1) van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “Direkteur-
 30 Generaal van die *provinsiale administrasie*” deur die woorde “*Provinsiale Minister van Finansies*” te vervang.

Wysiging van artikel 13 van Wet 15 van 1998

11. Artikel 13(2) van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “betrokke
 35 departement van die *provinsiale administrasie*” deur die woord “*Departement*” te vervang.

Wysiging van artikel 15 van Wet 15 van 1998

12. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 40 “(2) Voor die *effektiewe datum* kan die Raad die *hoof uitvoerende beampte* en ander persone deur die *verantwoordelike Minister* goedgekeur, in diens neem, en betaal soos beoog by subartikel (1)(a);
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 45 “(3) Tussen die *effektiewe datum* en die *personeel-oorplasingdatum* moet die *verantwoordelike Minister*—
- (a) na oorleg met die Raad;
 (b) ooreenkomstig die bepalings van Bylae 2, en
 (c) behoudens artikel 15(3)(a) van die Staatsdienswet, 1994,

besluit watter beamptes in die *Departement* wat vir *natuurbewaring* en *natuurbewaringsadministrasie* verantwoordelik is, aan die *Raad* gesekondeer sal word.”;

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

5 “(4) Die *Raad* kan te alle tye na die inwerkingtreëing van hierdie Wet ’n ooreenkoms met enige lid van die *Provinsiale Kabinet* aangaan betreffende die sekondering van beamptes deur die betrokke lid aangestel, wat optree as ’n uitvoeringsgesag genoem in die Staatsdienswet, 1994 bedoel”, en

10 (d) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(5) Items 1 tot 3 van Bylae 2 is van toepassing op werknemers wat ingevolge subartikel (3) aan die *Raad* gesekondeer word.”.

Wysiging van artikel 22 van Wet 15 van 1998

13. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling 15 daarvan deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

“maar regulasies met finansiële implikasies moet in oorleg met die *Provinsiale Minister van Finansies* gemaak word.”.

Wysiging van artikel 24 van Wet 15 van 1998

14. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

20 “24. Behoudens item 4 van Bylae 2, moet alle rekords en inligting van die *Departement* wat die *verantwoordelike Minister* vir die behoorlike verrigting van die *Raad* se funksies nodig ag, sonder versuim na die *effektiewe datum* aan die *Raad* besorg word.”

Herroeping van Bylae 1

25 15. Bylae 1 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van Bylae 2 van Wet 15 van 1998

16. Bylae 2 van die Hoofwet word hierby soos volg gewysig:

“BYLAE 2

30 **Persone in diens van Departement onmiddellik voor personeeloorplasingdatum**

1. ’n Persoon wat ingevolge artikel 15(3)(a) [na] aan die *Raad* gesekondeer is, word op die *personeel-oorplasingdatum* ’n werknemer op die diensstaat van die *Raad*, tensy die persoon verkies om ingevolge item 2 ’n lid van die [*provinsiale administrasie*] *Departement* te bly.

35 **Persone wat lede van Departement bly**

2. (1) ’n Persoon wat verkies om lid van die [*provinsiale administrasie*] *Departement* te bly, moet voor die *personeel-oorplasingdatum* die *Departement* skriftelik daarvan in kennis stel.

40 (2) ’n Persoon wat ’n skriftelike kennisgewing ingevolge subitem (1) ingedien het, bly op die *personeel-oorplasingdatum* ’n lid van die [*provinsiale administrasie*] *Departement* met behoud van rang, vergoeding, onafgebroke dienstdyperk en ander diensvoordele en verpligtinge, maar—

45 (a) word botallig tot die diensstaat van die [*provinsiale administrasie*] *Departement*, en

(b) word behoudens subitem (3) vir ’n tydperk van een jaar vanaf die *personeel-oorplasingdatum* aan die *Raad* gesekondeer ooreenkomsstig enige toepaslike kollektiewe ooreenkoms.

50 (3) Die sekondering van ’n persoon aan die *Raad* ingevolge subitem (2)—

- (a) kan ooreenkomstig enige kollektiewe ooreenkoms wat op botallige personeel in die [*provinsiale administrasie*] Departement van toepassing is, beëindig word, en
- 5 (b) moet beëindig word—
- (i) indien die persoon gedurende die tydperk van die sekondering die *Departement* skriftelik in kennis stel van sy of haar keuse om 'n werknemer van die *Raad* te word, waarna daardie persoon onmiddellik 'n werknemer op die diensstaat van die *Raad* word;
- 10 (ii) by verstryking van 'n tydperk van een jaar in subitem (2)(b) bedoel, tensy die sekondering in uitsonderlike omstandighede by wyse van ooreenkoms tussen die persoon, die *Raad* en die [*provinsiale administrasie*] verantwoordelike Minister verleng word.

Persone wat na Raad oorgeplaas word

- 15 **3.** Die oorplasing van persone na die *Raad* vind plaas ingevolge artikel 197(1)(a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), en met behoud van regte en verpligtinge ooreenkomstig—
- (a) artikel 197 van daardie Wet, en
- 20 (b) enige toepaslike kollektiewe ooreenkoms wat voor die *personeel-oorplasingdatum* tussen die [*provinsiale administrasie*] verantwoordelike Minister en die erkende werknemersorganisasie aangegaan word.

Personeelrekords en -inligting van [Raad] Departement

- 25 **4.** Alle personeelrekords en -inligting aangaande personeel in die *Departement* wat na die *Raad* oorgeplaas is, met inbegrip van alle finansiële en administratiewe inligting in die besit van ander provinsiale departemente, moet onverwyld ná die *personeel-oorplasingdatum* aan die *Raad* besorg word.”.

Kort titel en inwerkingtreding

- 30 **17.** (1) Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op Natuurbewaringswette, 2000 en tree behoudens subartikel (2) in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.
- (2) Verskillende datums kan bepaal word vir die inwerkingtreding van die wysiging of herroeping van die verskillende bepalings in Bylaes 1, 2, 3 en 4 bedoel.

BYLAE I**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit die bestaande ordonnansie aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in die bestaande ordonnansie aan.

ORDONNANSIE

Ordonnansie tot samevatting en wysiging van die wette insake natuur [en omgewings] bewaring en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Raad van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, soos volg:—

Indeling van Ordonnansie

1. Hierdie ordonnansie word as volg ingedeel:—

- | | | |
|----|--------------|--|
| 5 | Hoofstuk I | Woordbepaling [en Instelling van Departement van Natuur- en Omgewingsbewaring en Advieskomitee] (artikel[s] 2[-5]). |
| | Hoofstuk II | Natuurreservate (artikels 6-15). |
| | Hoofstuk III | Diverse Bewaringsmaatreëls (artikels 16-25). |
| 10 | Hoofstuk IV | Beskerming van Wilde Diere uitgesonderd Vis (artikels 25A-47). |
| | Hoofstuk IVA | Beskerming van Renosters (artikel 47A). |
| 15 | Hoofstuk V | Beskerming van Vis in Binnelandse Waters (artikels 48-61A). |
| | Hoofstuk VI | Beskerming van Flora (artikels 62-72). |
| | Hoofstuk VIA | Beroepsjagters, Jaguïtrusters en Direkteure van Beroepsjagkole (artikels 72A-72H). |
| 20 | Hoofstuk VII | Algemeen en Aanvullend (artikels 73-90). |
| | Bylae 1 | Bedreigde Wilde Diere. |
| | Bylae 2 | Beskermde Wilde Diere. |
| 25 | Bylae 3 | Bedreigde Flora. |
| | Bylae 4 | Beskermde Flora. |
| | Bylae 5 | Skadelike Watergewasse. |
| | Bylae 6 | Ordonnansies Herroep. |

HOOFSTUK I
WOORDBEPALING [EN INSTELLING VAN DEPARTEMENT VAN NATUUR- EN OMGEWINGSBEWARING EN ADVIESKOMITEE] (art[s] 2[-5])

Woordbepaling

- 5 **2.** In hierdie ordonnansie, tensy strydig met die sinsverband—
 [beteken “Administrasie” die Provinsiale Administrasie van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop;]
- beteken “**afdeling**” die gebied onder die jurisdiksie van ’n afdelingsraad;
- 10 beteken “**bedreigde flora**” flora van enige spesie wat in gevaar verkeer om uit te sterf en in Bylae 3 of Aanhangel I van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word; met dien verstande dat dit nie flora van enige spesie omvat wat in sodanige Aanhangel en Bylae 4 gespesifiseer word nie;
- 15 beteken “**bedreigde wilde dier**” ’n wilde dier van enige spesie wat in gevaar verkeer om uit te sterf en in Bylae 1 of Aanhangel I van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word; met dien verstande dat dit nie ’n wilde dier van enige spesie omvat wat in sodanige Aanhangel en Bylae 2 gespesifiseer word nie;
- 20 beteken “**beskermdde flora**” enige spesie van flora wat in Bylae 4 of Aanhangel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word; met dien verstande dat dit nie enige spesie van flora omvat wat in sodanige Aanhangel en Bylae 3 gespesifiseer word nie;
- 25 beteken “**beskermdde wilde dier**” enige spesie van wilde dier wat in Bylae 2 of Aanhangel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word; met dien verstande dat dit nie enige spesie van wilde dier omvat wat in sodanige Aanhangel en Bylae I gespesifiseer word nie;
- 30 beteken “**biltong**” die vleis van enige wilde dier wat gedroog, gerook, ingesout, verduursaam of op enige ander wyse behandel is of word vir die doel van preservering;
- beteken “**biltongwors**” wors, hetsy gedroog of nie, wat geheel en al of gedeeltelik van die vleis van enige wilde dier gemaak is;
- 35 beteken “**binnelandse waters**” alle waters wat nie blywend of te eniger tyd gedurende die jaar deel van die see uitmaak nie en omvat dit enige getyrvier uitgesonderd ’n getyrvier ten opsigte waarvan ’n kennisgewing uitgereik kragtens artikel 23(1)(b) van die Wet op Seevisserye, 1973 (Wet 58 van 1973) van krag is;
- beteken “**blouwangsonvis**” enige vis van die spesie *Lepomis macrochirus*;
- 40 beteken “**daaglikse jagbuit**” die getal van enige spesie van beskermdde wilde dier of van vis bepaal by **[proklamasie]** kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 79(a);
- [beteken “Departement” die Departement van Natuur- en Omgewingsbewaring by artikel 3 ingestel;]**
- 45 **[beteken “Direkteur” die Direkteur van Natuur- en Omgewingsbewaring in artikel 3 genoem;]**
- beteken “**eienaar**”—
- (a) met betrekking tot grond—
- (i) die persoon by wie die regstittel daarvan berus;
- 50 (ii) waar die regstittel daarvan by ’n genootskap van persone hetsy met of sonder regspersoonlikheid berus, die persoon skriftelik deur sodanige genootskap as die eienaar daarvan aangewys;
- (iii) in die geval van grond onder die beheer of bestuur van ’n plaaslike owerheid, die betrokke plaaslike owerheid;
- (iv) in die geval van Staatsgrond nie onder die beheer of bestuur van ’n plaaslike owerheid nie, die Minister van die Staatsdepartement of die
- 55 **[Administrateur]** Provinsiale Regering wat die beheer daarvoor of die bestuur daarvan het of enige amptenaar deur sodanige Minister of **[Administrateur]** Provinsiale Regering vir die doel aangewys;
- (v) in die geval van grond nie deur die eienaar soos by subparagraaf (i) beoog, geokkupeer nie, die persoon wat die grond werklik okkupeer,
- 60 wat algemene beheer oor sodanige grond uitoefen en wat skriftelik

gemagtig is deur die eienaar soos by genoemde subparagraaf beoog, om die regte uit te oefen wat by hierdie ordonnansie aan 'n eienaar van grond verleen word;

5 (vi) waar die eienaar soos by subparagraaf (i), (ii) of (v) beoog, dood of insolvent is of sy boedel afgestaan het tot voordeel van sy skuldeisers of ingevolge 'n hofbevel onder kuratele geplaas is of 'n maatskappy is wat
 10 gelikwieder word of onder geregtelike bestuur is, die persoon by wie die administrasie van sodanige grond berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, en

(b) met betrekking tot binnelandse waters, die eienaar soos by paragraaf (a) beoog, van die grond waarop die betrokke waters geleë is of wat aan sodanige waters grens;

15 beteken **“ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte” ’n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte** ingevolge artikel 22 aangestel;

beteken **“familielid”** met betrekking tot die eienaar van enige grond die gade, ouer, stiefouer, aannemende ouer, skoonseun, kind, stiefkind, aangenome kind, broer, suster of kleinkind van sodanige eienaar; met dien verstande dat met
 20 betrekking tot 'n eienaar van grond wat 'n genootskap van persone sonder regs persoonlikheid is, “familielid” die familielid soos hierbo omskryf van elke lid van sodanige genootskap beteken;

beteken **“fauna”** wilde dier;

25 beteken **“flora”** bedreigde flora, beskermde flora of inheemse onbeskermde flora en omvat dit die hele of enige deel van die plant, hetsy dood of gedroog;

beteken **“forel”** enige vis van die genus *Salmo* of die genus *Salvelinus*;

[omskrywing van “forelgebied” geskrap by a.1/O 26/28];

30 beteken **“fuiknet”** 'n toestel gemaak van ringe of hoepels waaroor 'n net, draad of enige ander materiaal gespan is of wat alleenlik van draad gemaak is en wat een of meer tregtervormige openinge het en omvat dit enigiets wat, ongeag of dit aan sodanige toestel geheg is of nie, gebruik word om vis na enige tregtervormige opening in sodanige toestel te lei;

beteken **“geregistreeerde florakweker”** iemand wat as 'n florakweker geregistreer is en 'n lisensie besit wat aan hom of haar uitgereik is ingevolge artikel 65;

35 beteken **“geregistreeerde floraverkoper”** iemand wat as 'n floraverkoper geregistreer is en 'n lisensie besit wat aan hom of haar uitgereik is ingevolge artikel 65;

beteken **“getywaters”** dié deel van enige binnelandse waters wat, weens die invloed van die see, te eniger tyd sout word of waarvan die peil te eniger tyd styg weens die invloed van die see;

40 beteken **“gevangene neem”** met betrekking tot enige wilde dier om met watter middel ook al gevange te neem, te vang of te neem of te poog of te agtervolg met die doel om gevange te neem, te vang of te neem;

45 beteken **“gevangenskap”** met betrekking tot enige wilde dier om binne 'n omheining te hou deur middel van enige heining, muur of versperring van watter aard ook al op so 'n wyse dat sodanige wilde dier nie op natuurlike wyse kan voortbestaan nie;

beteken **“gif”** enige gif, preparaat of chemiese stof wat gebruik word om 'n wilde dier te vang, te immobiliseer, te steriliseer, dood te maak of liggaamlik kwaad aan te doen;

50 beteken **“gooinet”** 'n net (ook bekend as 'n sambreel- of werpnet) met of sonder gewigte aan die omtrek daarvan, wat op water gegooi word sodat dit oopgaan en in die water afsak;

beteken **“gryp”** die vang van vis deur die ruk van 'n hoek in water met die doel om dit deur vis te steek;

55 beteken **“hengel”** die vang van vis in binnelandse waters deur middel van 'n lyn en hoek, ongeag of enige stok, aas of lokmiddel gebruik word of nie, of deur middel van 'n stellyn;

beteken **“hengelseisoen”** die tydperk in enige jaar bepaal by **[proklamasie]** kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 78(b);

60 omvat **“hierdie ordonnansie”** enige regulasie, proklamasie of kennisgewing daarkragtens gemaak of uitgereik;

beteken **“inheemse flora”** enige blom, plant, struik of boom of deel daarvan wat inheems is in die Republiek **[of die gebied Suidwes-Afrika]**, ongeag of dit

gekweek word of is al dan nie, en ongeag of dit nie meer in die vrye natuurstaat groei al dan nie, maar omvat dit nie enige plant, struik of boom wat ingevolge enige wet skadelike onkruid is nie;

5 beteken “**inheemse onbeskermdede flora**” enige spesie van inheemse flora nie in Bylae 3 of 4 gespesifiseer nie;

beteken “**jag**” met betrekking tot enige wilde dier om met watter middel ook al te jag of te soek na, dood te maak, gevange te neem of te poog om dood te maak of gevange te neem, of om te agtervolg, te volg of aan te dryf met die doel om dood te maak of gevange te neem, of te skiet op, te vergiftig, voor te lê of opsetlik te verstoer;

10 beteken “**jagseisoen**” die tydperk in enige jaar bepaal by[**proklamasie**] kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 78(a);

15 beteken “**karkas**” met betrekking tot enige wilde dier die hele of enige deel van die vleis (hetsy gedroog, gerook, ingesout, verduursaam of op enige wyse behandel), die kop, tand, horings, dop, skub, slagande, bene, vere, stert, klou, poot, hoef, vel, huid, hare, ingewande of enige deel wat ook al van die karkas, en omvat dit die eier;

20 beteken “**karp**” enige vis van die karpfamilie wat nie inheems in die Republiek is nie en omvat dit karp (*Cyprinus carpio*), die atavistiese of wilde vorm van die goudvis (*Carassius auratus*) en die kroeskarp (*Carassius carassius*) maar omvat dit nie huisgoudvis nie;

omvat “**koop**” kwansel of verruil;

25 beteken “**krapnet**” ’n net (ook bekend as ’n ringnet) gemaak van draad of enige ander materiaal waarvan die opening aan ’n raam geheg is, ongeag of enige aas of lokmiddel in sodanige net geplaas word of nie, maar omvat dit nie ’n skepnet nie;

30 beteken “**kunslokmiddel of lepel**” ’n toestel wat by wyse van nabootsing van lewe daardeur of deur die voorkoms of kleur daarvan bedoel is om ’n vis te flous, te lok of aan te trek om aan sodanige toestel te byt, of wat waarskynlik dit kan doen;

beteken “**kweek**” die kunsmatige vermeerdering van flora op enige wyse wat ook al;

beteken “**lisensie**” ’n lisensie kragtens hierdie ordonnansie uitgereik;

35 beteken “**natuur [-en omgewings] bewaring**” die bewaring van fauna en flora;

beteken “**natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte**” ’n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte ingevolge artikel 20 aangestel;

beteken “**natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter**” ’n natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter ingevolge artikel 23 aangestel;

40 beteken “**net**” ’n fuik-, gooi-, krap-, skep-, span- of treknet;

beteken “**nie-ronddraaiende kunsvlieg**” ’n hoek met een punt en een weerhaak waaraan stof wat nie deur vis eetbaar is nie, vasgemaak is en wat gemaak is om nie te roteer of rond te draai wanneer dit aan ’n lyn vasgemaak is en deur die water getrek word nie en waaraan geen toestel vasgeheg is wat kan roteer of ronddraai nie;

45 beteken “**openbare pad**” ’n openbare pad soos omskryf in artikel 1 van die [**Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966)**], Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989);

beteken “**permit**” ’n permit kragtens hierdie ordonnansie uitgereik;

50 beteken “**plaaslike natuurreservaat**” ’n plaaslike natuurreservaat kragtens artikel 7 gestig;

beteken “**plaaslike owerheid**” enige instelling of liggaam beoog by artikel 84(1)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961);

55 omvat “**pluk**” sny, afkap, neem, versamel, afpluk, uittrek, breek, beskadig of vernietig;

beteken “**private binnelandse waters**” enige dam, reservoir, vlei of ander binnelandse waters geheel en al omring deur grond in die besit van een eienaar;

beteken “**private natuurreservaat**” ’n private natuurreservaat ingevolge artikel 12 gestig;

60 beteken “**probleem-wilde dier**” enige dier ingevolge artikel 79(d) tot ’n probleem-wilde dier verklaar;

beteken “**provinsiale natuurreservaat**” ’n provinsiale natuurreservaat ingevolge artikel 6(1) gestig;

beteken **“Provinsie”** die Provinsie Wes-Kaap;

beteken **“Raad”** die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (Wet 15 van 1998);

- 5 beteken **“sertifikaat”** ’n sertifikaat kragtens hierdie ordonnansie uitgereik;
- beteken **“skadelike watergewas”** enige spesie van watergewas in Bylae 5 gespesifiseer;
- beteken **“skepnet”** ’n net op so ’n wyse aan ’n raam geheg dat ’n opening gelaat word van hoogstens seshonderd-en-tien millimeter gemeet in ’n reguit lyn
- 10 tussen enige twee punte op die omtrek van die raam en wat alleenlik gebruik word om vis wat deur middel van hengel gevang is, uit die water te lig;
- beteken **“spannet”** ’n net (ook bekend as ’n steek-, stel-, kief- of dryfnet), met of sonder gewigte of dobbers, wat regop in water gestel word met die doel om vis daarin te laat vassit of vashaak, ongeag of sodanige net dryf of aan enigiets vasgemaak is of nie;
- 15 beteken **“stellyn”** ’n lyn en hoek met of sonder enige aas of lokmiddel wat, wanneer dit gebruik word om vis te vang, nie regstreeks of onregstreeks deur enige persoon gehanteer word nie, maar omvat dit nie ’n lyn en hoek wat vasgemaak is aan ’n katrol en stok wat los op die grond lê of daarin bevestig is nie;
- 20 beteken **“strik”** enige strik, slagyster, valstrik, val, hok, net, vanggat of voëllyn en enige ander toestel of metode wat ook al wat gebruik of aangepas kan word vir die gevangeneming van wilde diere;
- beteken **“swartbaars”** enige vis van die genus *Micropterus*;
- beteken **“treknet”** ’n net (ook bekend as ’n seën, aasseën of sleep- of aastreknets), met of sonder gewigte of dobbers, wat regop deur water beweeg word met die doel om vis te vang;
- 25 omvat **“vang”** met betrekking tot vis enige middel of metode om te neem (hetsy lewend of dood), te beseer, te immobiliseer of dood te maak of om te poog om te neem, te beseer, te immobiliseer of dood te maak, of om te agtervolg of opsetlik te verstoor;
- 30 beteken **“verantwoordelike Minister”** die lid van die Provinsiale Kabinet wat vir natuurbewaring verantwoordelik is;
- omvat **“verkoop”** smous, vent, kwansel of verruil of aanbied, adverteer, uitstal of in besit hê vir die doel van verkoop, smous, vent, kwansel of verruil;
- 35 beteken **“voldoende omheining”**, met betrekking tot grond, omsluit deur—
- (a) enige heining, muur of versperring van watter aard ook al wat ’n omheining uitmaak waaruit enige wilde dier van ’n spesie gespesifiseer in ’n sertifikaat van voldoende omheining uitgereik ingevolge artikel 35(4)(b), nie kan ontsnap sonder om dit te breek nie;
- 40 (b) enige natuurlike grens waardeur of waaroor enige wilde dier van ’n spesie aldus gespesifiseer, in normale omstandighede nie sal gaan nie, of
- (c) enige kombinasie van heinings, mure, versperrings of grense in paragrawe (a) en (b) genoem, sodat enige wilde dier van ’n spesie aldus gespesifiseer, nie van sodanige grond kan ontsnap nie;
- 45 beteken **“voltydse werknemer”** ’n werknemer wat op ’n maandelikse basis voltyds in diens is en ’n salaris of loon ontvang wat ooreenstem met plaaslike tariewe vir die soort werk wat hy of sy doen;
- beteken **“voorgeskrif”** of **“voorgeskrewe”** by regulasie voorgeskryf;
- omvat **“vuurwapen”** ’n windbuis wat ’n loop het met ’n kaliber van minstens
- 50 vyf komma ses millimeter;
- beteken **“wapen”**—
- (a) ’n vuurwapen met ’n loop van meer as honderd millimeter lank en omvat dit ammunisie vir enige sodanige vuurwapen, of
- (b) enige ander instrument wat in staat is om ’n projektiel voort te dryf of wat self voortgedryf of gebruik kan word op so ’n wyse dat ’n wilde dier daarmee
- 55 dood gemaak, beseer of geïmmobiliseer kan word,
- en omvat dit ’n spies, assegaai, pyl en boog, byl, kapmes, mes of dergelike voorwerp en enige verdowingsmiddel van watter aard ook al;
- beteken **“watergewas”** enige plantegroei wat in binnelandse waters groei of
- 60 kan groei;
- omvat **“waters”** enige rivier, stroom, inham, meer, vlei, pan, lagune, dam, reservoir, voor of vywer, ongeag of die water daarin vars of sout is, en omvat dit die voorstrand en oewer daarvan en enige gedeelte van sodanige waters, en

5 beteken “**wilde dier**” enige lewende gewerwede of ongewerwede dier (met inbegrip van die eier of kuit van enige sodanige dier maar met uitsluiting van enige volstruis vir boerderydoeleindes gebruik en die eier daarvan) wat tot ’n nie-huisdiersoort behoort en omvat dit enige sodanige dier wat in gevangenskap gehou word of gebore is.

[Instelling van Departement van Natuur- en Omgewingsbewing

3. (1) Daar is ’n departement van die Administrasie wat as die Departement van Natuur- en Omgewingsbewing bekend staan en wat onder die beheer is van ’n amptenaar met die ampstitel Direkteur van Natuur- en Omgewingsbewing wat, 10 behoudens die wetsbepalings betreffende die Staatsdiens van die Republiek, deur die Administrateur aangestel word.

(2) Die Direkteur stel so spoedig moontlik na die einde van elke jaar ’n verslag op oor die werksaamhede van die Departement gedurende die vorige jaar en lê dit 15 aan die Administrateur voor en kan in sodanige verslag die opmerkings maak of aanbevelings doen met betrekking tot die Departement of die administrasie daarvan of natuur- en omgewingsbewing wat hy nodig of wenslik ag.

(3) Die Administrateur lê elke verslag kragtens subartikel (2) aan hom voorgelê, 20 ter tafel in die Provinsiale Raad binne veertien dae na ontvangs daarvan as die Raad dan in sessie is of, as die Raad nie dan in sessie is nie, na die aanvang van die eersvolgende sessie.

Uitoefening en delegasie van bevoegdheid

4. (1) Wanneer daar ook al by hierdie ordonnansie ’n bevoegdheid of ’n plig aan die Departement verleen of opgelê word, kan die Direkteur sodanige bevoegdheid 25 uitoefen of sodanige plig vervul.

(2) Die Direkteur kan enige bevoegdheid of plig by hierdie ordonnansie aan hom verleen of opgelê, aan enige amptenaar onder sy beheer deleger.

Instelling van Advieskomitee insake Natuur- en Omgewingsbewing

5. (1) Die Administrateur kan ’n Advieskomitee insake Natuur- en Omgewings- 30 bewaring instel (hierna in hierdie artikel “die komitee” genoem) bestaande uit soveel lede as wat hy van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die funksies van die komitee is om die Direkteur of die Administrateur, na gelang van die geval, van raad te dien oor die sake met betrekking tot natuur- en omgewingsbewing of die toepassing van enige bepaling van hierdie ordonnansie 35 wat die Komitee nodig of wenslik ag of wat na hom verwys word deur die Direkteur of die Administrateur.

(3) Die voorsitter en ander lede van die komitee word aangestel en die ampstermyne en -voorwaardes van sodanige voorsitter en lede word deur die Administrateur bepaal.

(4) Aan elke lid van die komitee wat nie ’n amptenaar, beampte of werknemer 40 in die staatsdiens of in die diens van ’n provinsiale administrasie is nie kan, indien die Administrateur aldus besluit, die besoldiging en toelaes betaal word wat die Administrateur bepaal uit geldsomme deur die Provinsiale Raad vir die doel bewillig.

(5) Die lede van die komitee beklee hul amp solank dit die Administrateur 45 behaag.]

HOOFTUK II

NATUURRESERVATE (arts 6-15)

Deel I: Provinsiale Natuurreservate (arts 6-6A)

Stigting van provinsiale natuurreservate

- 5 **6.** (1) Die [**Administrateur**] verantwoordelike Minister kan by proklamasie—
- (a) 'n provinsiale natuurreservaat stig op enige grond onder sy of haar beheer of bestuur;
- (b) die grense van enige sodanige reservaat omskryf, hetsy deur beskrywing of deur verwysing na die grense aangedui op 'n kaart of plan in 'n bepaalde kantoor geliasseer, en van tyd tot tyd sodanige grense verander en op
- 10 voormelde wyse heromskryf;
- (c) 'n naam aan enige sodanige reservaat toewys en sodanige naam te eniger tyd verander, en
- (d) na nakoming *mutatis mutandis* van die bepalinge van artikel 7(2) en
- 15 behoorlike oorweging van enige besware by hom of haar ingedien, enige sodanige reservaat afskaf.
- (1A) (a) Die [**Administrateur**] verantwoordelike Minister kan, na oorleg en die sluiting van 'n ooreenkoms met enige Staatsdepartement en ooreenkomstig die bedinge en voorwaardes van sodanige ooreenkoms, by proklamasie—
- 20 (i) 'n provinsiale natuurreservaat stig op grond wat onder die beheer of bestuur van sodanige Staatsdepartement is;
- (ii) die grense van enige sodanige reservaat omskryf, hetsy deur beskrywing of deur verwysing na 'n kaart of plan in 'n bepaalde kantoor geliasseer, en van tyd tot tyd sodanige grense verander en op voormelde wyse heromskryf;
- 25 (iii) 'n naam aan enige sodanige reservaat toewys en sodanige naam te eniger tyd verander, en
- (iv) enige sodanige reservaat afskaf.
- (b) 'n Ooreenkoms beoog by paragraaf (a) maak voorsiening vir—
- 30 (i) die geldigheidstermyn van die ooreenkoms, die bedinge en voorwaardes waarop enige van die partye daartoe hulle kan onttrek en die bedinge en voorwaardes waarop die ooreenkoms gedurende die geldigheidstermyn daarvan beëindig kan word;
- (ii) 'n omskrywing van die grense, op die wyse in paragraaf (a)(ii) bepaal, van die grond wat by sodanige ooreenkoms betrokke is en die bedinge en
- 35 voorwaardes waarop sodanige grense verander kan word;
- (iii) die wyse waarop 'n naam aan sodanige provinsiale natuurreservaat toegewys word en die wyse waarop sodanige naam verander kan word;
- (iv) die bedinge en voorwaardes waarop sodanige natuurreservaat afgeskaf kan word, onderworpe aan enige bepalinge kragtens subparagraaf (i) in sodanige
- 40 ooreenkoms;
- (v) die bedinge en voorwaardes wat van toepassing is op die stigting van sodanige natuurreservaat op sodanige grond;
- (vi) die wyse waarop sodanige natuurreservaat bestuur, beheer en ontwikkel moet word;
- 45 (vii) die oordra deur die kontrakterende partye van enige van of al hul bevoegdhede en pligte aan een van hulle of aan 'n gesamentlike komitee deur hulle aangestel;
- (viii) die toedeling tussen die kontrakterende partye van enige inkomste, winste, bates, verliese en laste wat as gevolg van sodanige ooreenkoms ontstaan;
- 50 (ix) die toepassing van enige regulasies wat op provinsiale natuurreservate van toepassing is, op sodanige natuurreservaat;
- (x) die opstel en voorlegging aan die [**Administrateur**] verantwoordelike Minister van verslae oor die bestuur, beheer en ontwikkeling van sodanige natuurreservaat, en
- 55 (xi) enige ander aangeleentheid, in die algemeen, wat die kontrakterende partye nodig ag om in sodanige ooreenkoms in te sluit.
- (2) Die [**Administrateur**] verantwoordelike Minister kan [-
- (a)] by ooreenkoms of deur onteining enige grond aanskaf wat hy of sy nodig en geskik ag vir die doel om 'n provinsiale natuurreservaat daarop te stig[, en

- (b) **behoudens die wetsbepalings betreffende die Staatsdiens of die Provinsiale Diens amptenare, beamptes of werknemers aanstel vir die uitvoering van die bepalings van hierdie artikel en vir die toepassing van enige regulasies kragtens subartikel (6) gemaak en in 'n provinsiale natuurreservaat van kragl.**
- 5
- (3) Die [Direkteur] Raad moet, onderworpe aan die opdragte van die [Administrateur] verantwoordelike Minister, elke provinsiale natuurreservaat bestuur, beheer en ontwikkel met die oog op die voortplanting, beskerming en bewaring van fauna en flora en kan in of in verband met enige reservaat geriewe, fasiliteite en dienste vir die
- 10 ontspanning en genot van die publiek verskaf.
- (3A) Die Raad kan soveel van sy werkgewers aanstel as wat nodig is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie artikel en vir die toepassing van enige regulasies kragtens subartikel (6) gemaak en in 'n provinsiale natuurreservaat van kragl.
- (4) By die uitoefening van die bevoegdheid en funksies by subartikel (3) aan [hom]
- 15 die Raad verleen of opgelê, kan die [Direkteur] Raad in of in verband met 'n provinsiale natuurreservaat—
- (a) paaie, brûe, ponte, geboue, heinings en die ander werke wat [hy] die Raad nodig ag, bou, oprig en onderhou;
- (b) die stappe doen wat [hy] die Raad nodig of wenslik ag vir die voortplanting, beskerming of bewaring van fauna en flora;
- 20 (c) plekke of binnelandse waters afsonder vir voortplanting en kweek van fauna en flora;
- (d) akkommodasie, kampeergebiede, garages, vermaaklikhede, vervoerdienste of ander ondernemings vir die vermaak, ontspanning, genot en algemene gerief van besoekers verskaf en onderhou;
- 25 (e) besighede dryf vir die verkoop van benodighede en die lewering van dienste vir die gerief van besoekers;
- (f) openbare tenders vra vir die verskaffing en onderhoud van enigiets in paragraaf (d) gemeld of die dryf van enige besigheid in paragraaf (e) genoem en met die goedkeuring van en onderworpe aan die voorwaardes wat die [Administrateur] verantwoordelike Minister bepaal, toestemming verleen
- 30 aan enige persoon van wie 'n tender ontvang is, om sodanige diens te lewer of sodanige besigheid te bedryf en kan [hy] die Raad vir dié doel grond of geboue daarop verhuur;
- (g) gelde hef vir toegang tot en verblyf in enige sodanige reservaat of enige gedeelte daarvan of vir die gebruik of genieting van enigiets daarin verskaf, of
- 35 (h) enige handeling verrig of enigiets aanskaf wat [hy] die Raad nodig ag om die oogmerke en doelstellings van hierdie artikel beter te bereik.
- 40 (5) **[Die bepalings van die Winkelure-Ordonnansie, 1930 (Ordonnansie 14 van 1930), en die Lisensieordonnansie, 1981 (Ordonnansie 17 van 1981) is nie van toepassing nie ten opsigte van enige besigheid ingevolge subartikel (4) in 'n provinsiale natuurreservaat gedryf.]**
- (6) Die [Administrateur] verantwoordelike Minister kan ten opsigte van enige
- 45 provinsiale natuurreservaat regulasies maak insake—
- (a) die reëling of beperking van of die verbod op die toegang van persone tot sodanige reservaat of enige deel daarvan, die gedrag van persone in sodanige reservaat, die uitsluiting of uitsetting van persone [van sekere rasse, klasse of groepe van persone] uit sodanige reservaat of enige deel daarvan, en die tydperke en tye wanneer sodanige reservaat vir besoekers oop is;
- 50 (b) die reëling of beperking van of die verbod op die inbring of die in besit wees in sodanige reservaat van enige fauna, flora, gif, ontplofbare stof of enige wapen, strik, net of ander ding wat gebruik kan word om wilde diere of vis dood te maak of te vang;
- (c) die reëling of beperking van of die verbod op die verwydering van fauna of flora uit sodanige reservaat;
- 55 (d) die beskerming en bewaring van sodanige reservaat en die fauna, flora en enige eiendom daarin;
- (e) die reëling of beperking van of die verbod op die maak van vuur of die verrigting of versuim van enige handeling wat 'n brand kan veroorsaak;
- 60 (f) die verbod op die toegang tot of die gebruik in sodanige reservaat van sekere klasse voertuie, die reëling en beheer van verkeer in sodanige reservaat en die vervoer van passasiers en die roetes wat daarin gevolg moet word;

- (g) die reëling of beperking van of die verbod op die inbring in sodanige reservaat of die gebruik op enige waters in sodanige reservaat van bote of ander vaartuie of sekere klasse bote of vaartuie, die vervoer van passasiers op bote of vaartuie en die roetes wat deur sodanige bote of vaartuie gevolg moet word;
- (h) die beslaglegging op of vernietiging van enige dier in sodanige reservaat aangetref in stryd met die bepalings van enige regulasie daarin van krag;
- (i) die oorhandiging van of beslaglegging op enigiets in sodanige reservaat ingebring of daaruit verwyder in stryd met enige regulasie daarin van krag of in besit van enige persoon in sodanige reservaat in stryd met enige sodanige regulasie;
- (j) die bevoegdhede en pligte van [amptenare, beamptes of] werknemers kragtens subartikel [2(b)] 3(a) aangestel, en
- (k) enige ander saak ten opsigte waarvan die [Administrateur] verantwoordelike Minister dit nodig of dienstig ag om regulasies te maak ten einde die oogmerke van hierdie artikel te bereik.
- (7) Regulasies kragtens subartikel (6) gemaak, kan algemeen van toepassing gemaak word op alle provinsiale natuurreservate of op enige bepaalde provinsiale natuurreservaat en kan ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n boete voorskryf van hoogstens een duisend vyf honderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

[Instelling van Provinsiale Natuurreservate-grondverkrygingsfonds]

6A. (1) Daar word hierby 'n fonds ingestel met die naam die Provinsiale Natuurreservate-grondverkrygingsfonds (hierna die Fonds genoem).

(2) Die fonds bestaan uit—

- (a) alle geld wat deur die Departement ontvang word by wyse van bydraes, skenkings en bemakings vir die aankoop van grond vir die doeleindes van 'n provinsiale natuurreservaat of 'n deel van 'n provinsiale natuurreservaat, en
- (b) geld deur die Provinsiale Raad—
- (i) vir die doeleindes van die Fonds bewillig, en
- (ii) bewillig ten opsigte van die bedrag rente verkry uit die belegging van die geld van die Fonds wat nie onmiddellik vir die doeleindes van die Fonds nodig is nie.

(3) Die Fonds word deur die Administrateur bestuur en beheer en vir dié doel kan die Administrateur enige van of al sy bevoegdhede skriftelik aan 'n senior beampte in die heeltydse diens van die Administrasie delegeer.

(4) Geld in die Fonds word deur die Administrateur aangewend om grond vir die doeleindes van provinsiale natuurreservate aan te koop.

(5) (a) Die Administrateur laat 'n volledige en juiste rekening hou van alle geld deur die Fonds ontvang en uit die Fonds aangewend.

(b) Die rekening beoog by paragraaf (a) word deur die Provinsiale Ouditeur geouditeer.

(6) Die Administrateur lê jaarliks so gou moontlik na 31 Maart 'n staat van inkomste en uitgawe van die Fonds in die Provinsiale Raad ter tafel.]

Deel II: Plaaslike Natuurreservate (arts 7-11)

Stigting van plaaslike natuurreservate deur plaaslike owerheid

7. (1) Enige plaaslike owerheid kan met die goedkeuring van die [Administrateur] verantwoordelike Minister en onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy bepaal, 'n plaaslike natuurreservaat stig op grond wat by sodanige plaaslike owerheid berus of onder sy beheer of bestuur is en kan vir dié doel grond by ooreenkoms of deur oteiening aanskaf.

(2) 'n Plaaslike owerheid wat 'n plaaslike natuurreservaat ingevolge subartikel (1) wil stig, moet een keer per week vir twee agtereenvolgende weke met 'n tussenpoos van minstens sewe dae 'n kennisgewing in albei amptelike tale laat publiseer in 'n nuusblad wat in sy regsgebied in omloop is, waarin hy—

- (a) sy voorneme meld om sodanige reservaat te stig op grond waarvan die grense in sodanige kennisgewing omskryf is, hetsy deur beskrywing daarvan of deur

verwysing na die grense aangedui op 'n kaart of plan in 'n bepaalde kantoor geliasseer;

- (b) die naam meld wat hy aan sodanige reservaat wil toewys, en
 (c) persone wat beswaar wil aanteken teen sodanige stigting versoek om hul besware tesame met die redes daarvoor skriftelik by sodanige plaaslike owerheid in te dien voor of op 'n datum in sodanige kennisgewing bepaal en wat minstens dertig dae na die laaste publikasie van sodanige kennisgewing is.

(3) Wanneer die betrokke plaaslike owerheid ingevolge subartikel (1) aansoek doen om die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister se goedkeuring, moet hy **[die Administrateur]** daardie Minister voorsien van 'n kopie van die kennisgewing in subartikel (2) genoem en die besware, indien daar is, by hom ingedien ooreenkomstig sodanige subartikel tesame met sy opmerkings daaroor.

(4) Die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister kan, wanneer hy of sy enige aansoek kragtens hierdie artikel oorweeg, van die plaaslike owerheid vereis dat hy hom of haar voorsien van enige nadere inligting wat hy of sy nodig ag, en moet daarna na goeiddunke die aansoek weier of die aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy nodig of wenslik ag.

(5) Elke beslissing van die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister kragtens subartikel (4) word in die *Provinsiale Koerant* bekend gemaak en waar 'n aansoek toegestaan is, word die naam aan die betrokke reservaat toegewys, die grense daarvan, omskryf ooreenkomstig subartikel (2), en die voorwaardes, indien daar is, waarop goedkeuring verleen is, in die betrokke kennisgewing vermeld.

(6) Behoudens enige voorwaardes deur die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister kragtens subartikel (4) gestel, is die bepalings van artikel **[6(2)(b) en]** 6(3) tot en met 6(7) *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n plaaslike natuurreservaat en enige verwysing in enige sodanige artikel na—

- (a) **[die wetsbepaling betreffende die Staatsdiens of die Provinsiale Diens;]**
 (b) die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister (uitgesonderd in artikel 6(3)), of die **[Direkteur]** Raad;
 (c) 'n provinsiale natuurreservaat, of
 (d) regulasies deur die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister gemaak, word uitgelê as 'n verwysing onderskeidelik na—
 (i) **[die wet betreffende die aanstelling van werknemers van die betrokke plaaslike owerheid;]**
 (ii) die betrokke plaaslike owerheid;
 (iii) 'n plaaslike natuurreservaat, of
 (iv) verordeninge of regulasies deur die betrokke plaaslike owerheid gemaak.

(7) 'n Plaaslike owerheid wat 'n plaaslike natuurreservaat gestig het, kan met die goedkeuring van die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister en, in die geval van paragraaf (b), na nakoming *mutatis mutandis* van die bepalings van subartikels (2) en (3)—

- (a) te eniger tyd die grense of die naam of die grense en die naam daarvan verander, of
 (b) sodanige reservaat afskaf,
 en enige sodanige verandering of afskaffing moet in die *Provinsiale Koerant* bekend gemaak word.

Adviesrade vir plaaslike natuurreservate

8. (1) Sodra 'n plaaslike natuurreservaat gestig is, moet die betrokke plaaslike owerheid 'n adviesraad aanstel om hom van raad te dien en aanbevelings aan hom te doen in verband met die bestuur, beheer en ontwikkeling van sodanige reservaat.

(2) (a) Sodanige adviesraad word saamgestel ooreenkomstig verordeninge of regulasies kragtens artikel 9 gemaak en voorsiening moet daarin gemaak word dat die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister minstens een persoon as lid van sodanige raad moet aanstel, maar dat hy of sy daarbenewens tot vyf bykomende persone as sodanig kan aanstel.

(b) Enige verordeninge of regulasies deur 'n plaaslike owerheid kragtens artikel 9 gemaak voor die inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1986, in verband met die aanstelling van lede van 'n adviesraad van 'n plaaslike natuurreservaat deur die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister word geag ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (a) gewysig te wees.

(3) Geen lid van 'n adviesraad word besoldig vir sy of haar dienste as lid van sodanige raad nie maar die redelike onkoste deur hom of haar aangegaan in verband met sy of haar pligte as sodanig kan aan sodanige lid betaal word.

Verordeninge en regulasies insake adviesrade vir plaaslike natuurreservate

- 5 **9.** (1) 'n Plaaslike owerheid moet op die wyse by wet bepaal vir die maak van verordeninge of regulasies deur sodanige plaaslike owerheid, verordeninge of regulasies maak insake—
- (a) die samestelling van 'n adviesraad in artikel 8(1) genoem;
- (b) die ampstermyn en ampsontruiming van lede van sodanige raad, en
- 10 (c) die hou van vergaderings met tussenpose van hoogstens twaalf maande deur en die verrigtinge op vergaderings van sodanige raad.
- (2) Enige verordeninge of regulasies kragtens subartikel (1)(c) gemaak voor die inwerkingtrede van die Wysigingsordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewing, 1986, in verband met die tussenpose tussen vergaderings van 'n adviesraad word geag
- 15 ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1)(c) gewysig te wees.

[Administrateur] Verantwoordelike Minister se bevoegdhede ten opsigte van handelinge deur plaaslike owerheid verrig met betrekking tot plaaslike natuurreservate

- 20 **10.** (1) As die [Administrateur] verantwoordelike Minister van mening is dat enige handeling verrig of enigiets gedoen deur 'n plaaslike owerheid of wat hy voornemens is om te verrig of te doen in die loop van of in verband met die bestuur, beheer of ontwikkeling van 'n plaaslike natuurreservaat deur hom gestig, nadelig is of sal wees vir sodanige reservaat of vir die doeleindes waarvoor dit gestig is, kan hy of sy, na oorleg met sodanige plaaslike owerheid, by skriftelike lasgewing—
- 25 (a) sodanige handeling of die doen van so iets of die voortsetting daarvan verbied, of
- (b) toelaat dat sodanige handeling verrig of so iets gedoen of voortgesit word onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy bepaal.
- (2) Die [Administrateur] verantwoordelike Minister kan, indien hy of sy, na
- 30 verstryking van 'n redelike tydperk, van mening is dat 'n plaaslike owerheid nie voldoende stappe gedoen het om gevolg te gee aan 'n lasgewing kragtens subartikel (1) nie, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die betrokke plaaslike natuurreservaat afskaf; met dien verstande dat hy of sy minstens ses weke voor sodanige kennisgewing aan sodanige plaaslike owerheid skriftelik per geregistreerde pos kennis gegee het van
- 35 sy of haar voorneme om na 'n daarin vermelde datum sodanige natuurreservaat af te skaf.

[Betaling van subsidie ten opsigte van plaaslike natuurreservaat

- 40 **11.** (1) Daar word uit geldsomme deur die Provinsiale Raad vir die doel bewillig, aan elke plaaslike owerheid wat 'n plaaslike natuurreservaat gestig het, 'n jaarlikse subsidie betaal gelyk aan die helfte, of die groter of kleiner breuk wat die Administrateur in die algemeen of spesiaal bepaal, van die subsidiegewende uitgawe deur sodanige plaaslike owerheid aangegaan in verband met sodanige reservaat soos ingevolge subartikels (2) en (3) bepaal.
- (2) Ten einde die subsidiegewende uitgawe vas te stel wat by subartikel (1) beoog
- 45 word, moet 'n plaaslike owerheid voor of op die datum in elke jaar en op die wyse wat die Administrateur gelas, aan die Direkteur 'n begroting voorlê van die uitgawe wat hy voornemens is om aan te gaan en van die inkomste wat na verwagting gedurende die volgende jaar aan hom sal toekom ten opsigte van die betrokke plaaslike natuurreservaat.
- 50 (3) By ontvangs van sodanige begroting keur die Direkteur die hele of 'n deel van die voorgestelde uitgawe goed en die verskil tussen die voorgestelde uitgawe aldus goedgekeur en die geraamde inkomste by subartikel (2) beoog, is vir die toepassing van subartikel (1) die subsidiegewende uitgawe by subartikel (1) beoog.
- (4) Niks in hierdie artikel vervat word uitgelê as sou dit 'n plaaslike owerheid
- 55 belet om meer as sy subsidiegewende uitgawe in verband met die betrokke reservaat te bestee nie maar enige uitgawe bo die subsidiegewende uitgawe kom,

uitgesonderd met die goedkeuring van die Administrateur, nie vir subsidie in aanmerking nie.

- (5) Die Direkteur kan, met die tussenpose wat hy goed dink, voorskotte doen teen die subsidie ingevolge hierdie artikel betaalbaar, onderworpe aan die verrekennings wat nodig is wanneer geouditeerde state van werklike uitgawe en inkomste beskikbaar word.]

Deel III: Private Natuurreserve (arts 12-13)

Stigting van private natuurreserve

12. (1) Enige eienaar van grond kan, met die goedkeuring van die [Administrateur] verantwoordelike Minister en onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy bepaal, 'n private natuurreserve stig op grond waarvan hy of sy die eienaar is en 'n naam aan sodanige reserve toewys.

(2) Iedereen wat 'n private natuurreserve ingevolge subartikel (1) wil stig, moet by die [Administrateur] verantwoordelike Minister om sy of haar goedkeuring aansoek doen en hom of haar voorsien van—

- (a) 'n omskrywing, hetsy deur beskrywing daarvan of deur verwysing na die grense aangedui op 'n kaart of plan in 'n bepaalde kantoor geliasseer, van die grense van die grond waarop hy of sy sodanige reserve wil stig;
- (b) bewys van sy of haar eiendomsreg in sodanige grond;
- 20 (c) die naam wat hy of sy voornemens is om aan sodanige reserve toe te wys, en
- (d) enige nadere inligting wat die [Administrateur] verantwoordelike Minister verlang.

(3) Die [Administrateur] verantwoordelike Minister kan na goedgekeurde enige aansoek kragtens subartikel (2) weier of sodanige aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy nodig of wenslik ag.

(4) As enige aansoek kragtens subartikel (2) toegestaan word, word die [Administrateur] verantwoordelike Minister se goedkeuring in die *Provinsiale Koerant* bekend gemaak en word die naam aan die betrokke reserve toegewys, die grense daarvan, 30 omskryf ooreenkomstig subartikel (2)(a), en die voorwaardes, indien daar is, waarop goedkeuring verleen is, in die betrokke kennisgewing vermeld.

(5) (a) Iedereen wat 'n private natuurreserve gestig het, kan te eniger tyd met die goedkeuring van die [Administrateur] verantwoordelike Minister—

- (i) die grense of die naam of die grense en die naam van sodanige reserve verander, of
- 35 (ii) sodanige reserve afskaf.

(b) Enige sodanige reserve kan te eniger tyd deur die [Administrateur] verantwoordelike Minister afgeskaf word by aanvoering van goeie gronde en na oorleg met die persoon wat dit gestig het.

40 (c) Enige verandering of afskaffing soos by hierdie subartikel beoog, word in die *Provinsiale Koerant* bekend gemaak.

Regte en pligte van eienaar van private natuurreserve

13. Onderworpe aan enige voorwaardes kragtens artikel 12(3) deur die [Administrateur] verantwoordelike Minister gestel, moet enige persoon wat 'n private natuurreserve gestig het, sodanige reserve bestuur, beheer en ontwikkel met die oog 45 op die voortplanting, beskerming en bewaring van fauna en flora en sodanige persoon of enige ander persoon skriftelik deur hom of haar gemagtig kan, ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie ordonnansie—

- (a) behoudens die bepalings van artikels 26, 27, 35 en 62, te eniger tyd en op enige ander wyse as deur die gebruik van vuur of gif, enige wilde dier jag of enige flora pluk wat in sodanige reserve aangetref word;
- (b) behoudens die bepalings van artikel 31(2) en enige regulasies kragtens artikel 82(1)(d) gemaak, enige sodanige dier wat in sodanige reserve gevange geneem is, in gevangenskap hou, of
- 55 (c) enige sodanige dier wat aldus gevange geneem is of die karkas van enige sodanige dier verkoop.

Deel IV: Algemeen (arts 14-15)

Verbod op jag van wilde diere en pluk van flora in provinsiale of plaaslike natuurreservaat

14. Niemand mag—
- 5 (a) enige wilde dier jag, of
(b) enige flora pluk,
- in 'n provinsiale of plaaslike natuurreservaat nie tensy hy of sy in besit is van 'n permit wat hom of haar daartoe magtig, uitgereik in enige geval beoog—
- 10 (i) by paragraaf (a), deur die [Direkteur] Raad, of
(ii) by paragraaf (b), deur onderskeidelik die [Direkteur] Raad of die betrokke plaaslike owerheid.

15. Toestemming tot artikel 15 deur die Staatspresident weerhou.

HOOFSTUK III

15 DIVERSE NATUUR [-EN OMGEWINGS] BEWARINGSMAATREËLS (arts 16-25)

Bevoegdhede van [Departement] Raad

16. (1) Die [Departement] Raad moet in die belang van natuur [-en omgewings] bewaring—
- 20 (a) proefnemings doen, navorsing onderneem, opnames doen en ondersoekes uitvoer in verband met enige fauna, flora, binnelandse waters, vis in sodanige waters of watergewasse en kan vir enige sodanige doel die eiendom, hetsy roerend of onroerend, aanskaf wat nodig of wenslik is vir die doel;
- 25 (b) inligting met betrekking tot natuur [-en omgewings] bewaring wat [hy] die Raad in die loop van sy werksaamhede verkry en wat kan help om die bereiking van die oogmerke en doelstellings van hierdie ordonnansie te bevorder, publiseer of op enige ander wyse versprei;
- (c) die maatreëls tref wat nodig of wenslik is vir—
- 30 (i) die akklimatisering en plasing onder kwarantyn van vis wat in die Provinsie ingevoer is;
- (ii) die beheer oor vis en watergewasse in binnelandse waters, of
- (iii) die beskerming, voortplanting of kweek van fauna of flora;
- (d) op enige grond of in enige binnelandse waters die bakens, boeie, kennisgewings, kennisgewingborde, tekens of ander merke oprig, heroprig, onderhou en herstel wat nodig of wenslik is vir die toepassing van enige bepaling van hierdie ordonnansie, en
- 35 (e) in die algemeen die stappe doen wat nodig of wenslik is vir die bereiking van die oogmerke en doelstellings van hierdie ordonnansie.
- (2) Iedereen wat in die algemeen of spesiaal deur die [Direkteur] Raad skriftelik daartoe gemagtig is, kan vir enige doel in subartikel (1)(c)(ii) of (d) gemeld—
- 40 (a) op die betrokke grond of waters gaan met die werknemers, assistente, diere, voertuie, toestelle en instrumente wat nodig is;
- (b) gebruik maak van enige natuurlike materiaal, met inbegrip van water, wat op sodanige grond of in sodanige waters aangetref word, en
- 45 (c) enige plantegroei sny wat wild groei in die omgewing van enige sodanige baken, boei, kennisgewing, kennisgewingbord, teken of ander merk.
- (3) Iedereen in subartikel (2) genoem moet, voor die uitoefening deur hom of haar van enige bevoegdheid in sodanige subartikel gemeld, aan die eienaar of okkupeerder van die betrokke grond of waters redelike kennis gee van sy of haar voorneme om sodanige bevoegdhede uit te oefen.
- 50 (4) Die bevoegdhede in subartikel (1) bepaal, uitgesonderd paragraaf (c)(i) daarvan, kan ook in of ten opsigte van enige plaaslike of private natuurreservaat uitgeoefen word.

Maatreëls om voortbestaan van bedreigde wilde diere of bedreigde flora te verseker

- 55 17. (1) Indien die [Direkteur] Raad dit te eniger tyd as nodig of wenslik beskou dat

spesiale maatreëls getref word om die voortbestaan van enige spesie van bedreigde wilde dier of bedreigde flora te verseker, kan [hy] die Raad, [met die goedkeuring van die Administrateur en] na oorleg met die eienaar van enige grond waarop enige dier van sodanige spesie of sodanige flora aangetref word—

- 5 (a) die getal van een van of beide die geslagte van sodanige dier of die getal of hoeveelheid van die plante, sade of ander dele van sodanige flora wat [hy] die Raad nodig ag laat gevange neem, pluk of versamel op sodanige grond en verwyder na 'n provinsiale natuurreservaat of die ander plek wat [hy] die Raad goed dink vir die doel om sodanige spesies of sodanige flora te bewaar of voort te plant, of
- 10 (b) die maatreëls tref wat [hy] die Raad nodig ag vir die bewaring, kweek en voortplanting op sodanige grond van sodanige spesies of flora.
- (2) Die [Direkteur] Raad gee redelike kennis aan die eienaar van die grond in subartikel (1) genoem van die tyd wanneer, die plek waar en die wyse waarop dit die
- 15 voorneme is om die diere of flora in sodanige subartikel genoem, gevange te neem, te pluk, te versamel, te bewaar, te kweek of voort te plant; met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie ten opsigte van die eienaar van enige grond waarna enige sodanige dier vlug terwyl dit agtervolg word vir die doel om gevange geneem te word ingevolge hierdie artikel.
- 20 (3) Die [Direkteur] Raad kan by die uitoefening van die bevoegdhede by subartikel (1) aan [hom] die Raad verleen, die persone wat [hy] die Raad nodig ag, skriftelik magtig om die betrokke grond te betree en die diere of flora gevange te neem, te pluk of te versamel of om die nodige maatreëls te tref vir die bewaring, kweek en voortplanting daarvan soos by [die] dié subartikel beoog, en enige sodanige persoon
- 25 kan daarna sodanige grond betree en sodanige diere of flora gevange neem, pluk of versamel of sodanige maatreëls daarop of op enige ander grond tref waarna enige sodanige diere vlug terwyl dit agtervolg word.
- (4) Iedereen wat enige persoon in besit van die skriftelike magtiging van die [Direkteur] Raad uitgereik kragtens subartikel (3) weerstaan, hinder of opsetlik dwarsboom by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of funksies kragtens dié subartikel is aan 'n misdryf skuldig.
- 30 (5) Die [Direkteur] Raad betaal op aansoek van die eienaar van enige grond in subartikel (1) genoem, aan sodanige eienaar die vergoeding ten opsigte van die wilde diere of flora ingevolge genoemde subartikel van sy of haar grond verwyder of enige
- 35 ander skade deur hom of haar gelyk ten gevolge van die uitoefening van die bevoegdhede by hierdie artikel beoog, wat die [Administrateur] Raad in die omstandighede redelik ag.

[Direkteur] Raad kan sekere wilde diere laat jag

18. (1) Indien die [Direkteur] Raad van mening is dat enige wilde dier of enige
- 40 spesie van wilde dier wat op enige grond aangetref word—
- (a) nadelig is vir die bewaring van fauna of flora;
- (b) waarskynlik gevaarlik vir menselewens kan wees;
- (c) gekwes, siek of beseer is;
- (d) skade aanrig aan gesaaides of ander eiendom, hetsy roerend of onroerend,
- 45 van enige persoon, of
- (e) in die belang van natuur [-en omgewings] bewaring gejag moet word,
- kan [hy] die Raad, [met die goedkeuring van die Administrateur] sodanige dier, of die getal van sodanige spesie wat [hy] die Raad bepaal, laat jag op sodanige grond of op enige grond waarna sodanige dier of, in die geval van 'n spesie van wilde dier, die
- 50 getal van sodanige spesie deur [hom] die Raad bepaal, vlug terwyl dit agtervolg word vir die doel om gejag te word ingevolge hierdie artikel.
- (2) Die bepalings van subartikels (3) en (4) van artikel 17 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die uitoefening van die bevoegdhede by subartikel (1) van hierdie artikel aan die [Direkteur] Raad verleen.
- 55 (3) Die eiendomsreg in die karkas van enige wilde dier wat doodgemaak word gedurende 'n jag ingevolge subartikel (1) berus by die [Administrasie] Raad.

[Direkteur] Raad kan sekere visse of watergewasse laat vernietig

19. (1) Indien die [Direkteur] Raad van mening is dat enige vis of watergewas wat

in enige binnelandse waters aangetref word, skadelik is vir enige ander vis of watergewas of vir die water in sodanige binnelandse waters, kan [hy] die Raad—

- (a) die eienaar van sodanige binnelandse waters skriftelik gelas om die maatreëls te tref, met inbegrip van maatreëls wat strydig is met die bepalings van hierdie ordonnansie, wat [hy] die Raad in sodanige lasgewing bepaal, om sodanige vis te vang of dood te maak of om sodanige gewas te vernietig, en
- (b) indien deur sodanige eienaar daartoe versoek, die hulp aan sodanige eienaar verleen wat die [Direkteur] Raad nodig ag met die doel om sodanige eienaar in staat te stel om aan sodanige lasgewing te voldoen.
- 10 (2) Indien 'n eienaar by subartikel (1) beoog, weier of, binne 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van 'n lasgewing ingevolge subartikel (1), versuim om aan sodanige lasgewing te voldoen, kan die [Direkteur] Raad die betrokke vis of gewas laat vang, doodmaak of vernietig, na gelang van die geval, en die koste in dié verband aangegaan op sodanige eienaar verhaal.

15 Aanstelling van natuur [-en omgewings] bewaringsbeamptes

20. [Die Administrateur kan—

- (a) behoudens die wetsbepalings betreffende die Staatsdiens of die Provinsiale Diens, soveel amptenare, beamptes of werknemers, en
- (b) soveel ander persone,
- 20 as wat hy dienstig ag as natuur- en omgewingsbewaringsbeamptes aanstel vir die uitvoering van die bepalings van hierdie ordonnansie.]

Die Raad kan soveel van sy werknemers as wat hy goed dink, as natuurbewaringsbeamptes aanstel om die bepalings van hierdie ordonnansie uit te voer.

Bevoegdhede van natuur [-en omgewings] bewaringsbeamptes

- 25 21. (1) 'n Natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte kan, behoudens enige beperking ingevolge artikel 25(2) opgelê—
- (a) van enige persoon wat enige handeling verrig of van wie hy of sy redelikerwys vermoed dat hy of sy enige handeling verrig het vir die verrigting waarvan 'n lisensie, permit, vrystelling, lasgewing of die skriftelike toestemming van die eienaar van grond of van enige ander persoon nodig is kragtens enige bepaling van hierdie ordonnansie, vereis dat hy of sy sodanige lisensie, permit, vrystelling, lasgewing of toestemming vertoon;
- (b) waar enige persoon op enige grond enige handeling verrig het of hy of sy redelikerwys vermoed dat enige persoon op enige grond enige handeling verrig het wat net verrig kan word op grond ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van voldoende omheining kragtens artikel 35(4)(b), uitgereik is, van die eienaar van sodanige grond vereis dat hy of sy sodanige sertifikaat vertoon;
- (c) van enige persoon ten opsigte van wie hy of sy redelikerwys vermoed—
- 40 (i) dat hy of sy 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie gepleeg het, of
- (ii) dat hy of sy getuienis sal kan lewer in verband met 'n misdryf gepleeg of na bewering gepleeg kragtens hierdie ordonnansie, die naam en adres en enige ander inligting wat nodig is vir die identifikasie van sodanige persoon, vereis;
- (d) enige persoon ondervra wat na sy of haar mening moontlik in staat is om enige inligting te verstrek wat hy of sy nodig het in verband met die toepassing van enige bepaling van hierdie ordonnansie en vir dié doel vereis dat enige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of enige ander vervoermiddel tot stilstand gebring word;
- (e) van enige persoon wat kragtens hierdie ordonnansie enige boek, staat of faktuur moet hou, vereis dat hy of sy sodanige boek, staat of faktuur vertoon;
- 50 (f) enige ondersoek instel wat hy of sy nodig ag ten einde vas te stel of enige bepaling van hierdie ordonnansie nagekom word deur enige persoon en kan vir sodanige doel sonder lasbrief en sonder toestemming enige grond, perseel, voertuig, plek, gebou, tent, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel betree en daar die inspeksie en ondersoek uitvoer wat nodig is, met inbegrip van 'n inspeksie of ondersoek van enige houer of ander ding daarop of daarin gevind;
- 55 (g) in die loop van enige inspeksie of ondersoek by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede en die vervulling van sy of haar funksies kragtens hierdie

ordonnansie, sonder lasbrief en sonder toestemming vereis dat enige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel tot stilstand gebring word en stilstaande bly totdat hy of sy dit deurgesoek het;

- 5 (h) sonder lasbrief en sonder toestemming enige grond, perseel, voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel betree en dit deursoek indien hy of sy redelikerwys vermoed dat daar enigiets daarop of daarin is wat—
- (i) gebruik word of gebruik is by;
- (ii) 'n element uitmaak of uitgemaak het by, of
- 10 (iii) getuienis sal lewer van, die pleging van enige misdryf kragtens hierdie ordonnansie;
- (i) sonder lasbrief beslag lê op enigiets—
- (i) wat na sy of haar mening getuienis kan lewer van die pleging van 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie, of
- 15 (ii) ten opsigte waarvan hy of sy redelikerwys vermoed dat dit gebruik word of gebruik is vir die vervoer van enige fauna of flora ten opsigte waarvan 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie gepleeg is, of
- (j) sonder lasbrief beslag lê op enige wilde dier en dit konfiskeer wat in die besit gevind word van of in gevangenskap gehou word deur enige persoon
- 20 indien—
- (i) sodanige persoon versuim om op aanvraag van sodanige beampte 'n permit te vertoon wat sodanige besit of hou magtig, of
- (ii) sodanige dier in die besit is van of in gevangenskap gehou word deur sodanige persoon in stryd met enige voorwaarde wat bepaal word in 'n permit deur sodanige persoon vertoon waarby sodanige besit of hou
- 25 gemagtig word.

(2) 'n Natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte kan by die uitoefening van sy of haar bevoegdheede of die vervulling van sy of haar funksies kragtens hierdie ordonnansie 'n tolk en een of meer assistente met hom of haar saamneem wat, solank

30 hulle onder die leiding van sodanige natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte optree, geag word natuur [-en omgewings] bewaringsbeamptes te wees.

(3) Enigiets waarop kragtens subartikel (1)(i) beslag gelê word, word, indien geen vervolging weens 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie in verband daarmee ingestel word nie, terugbesorg aan die persoon uit wie se besit dit geneem is.

35 Aanstelling en bevoegdheede van ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeamptes

22. (1) Die [Direkteur] Raad kan enige persoon wat [hy] die Raad geskik ag, as 'n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte aanstel vir die uitvoering van die bepalings van hierdie ordonnansie.

- (2) (a) Elke ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte besit al die bevoegdheede
- 40 wat aan 'n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte verleen word by subartikels (1)(a) tot en met (e) en subartikel (2) van artikel 21.

(b) Wanneer 'n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte 'n tolk of assistent met hom of haar saamneem soos by artikel 21(2) beoog, word sodanige tolk of assistent geag 'n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte te wees.

45 Aanstelling en bevoegdheede van natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagters

23. (1) Enige plaaslike owerheid kan, behoudens die wet betreffende die aanstelling van werknemers van sodanige plaaslike owerheid, soveel persone as wat hy dienstig ag, aanstel as natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagters vir die uitvoering van die bepalings van hierdie ordonnansie binne die regsgebied van sodanige plaaslike

50 owerheid.

(2) (a) Elke natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter besit al die bevoegdheede by artikel 21 aan 'n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte verleen en kan sodanige bevoegdheede uitoefen binne die regsgebied van die plaaslike owerheid wat hom of haar aangestel het.

- (b) Wanneer 'n natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter 'n tolk of assistent met hom of haar saamneem soos by artikel 21(2) beoog, word sodanige tolk of assistent geag 'n natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter te wees.
- 55

[Betaling van subsidie ten opsigte van besoldiging van natuur- en omgewingsbewaringsveldwagters

24. Die Administrateur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig of wenslik ag, uit geldsomme deur die Provinsiale Raad vir die doel bewillig, aan elke plaaslike owerheid wat natuur- en omgewingsbewaringsveldwagters aangestel het, 'n jaarlikse subsidie betaal gelyk aan die helfte, of dié groter breuk wat hy in die algemeen of spesiaal bepaal, van die uitgawe deur sodanige plaaslike owerheid aangegaan ten opsigte van die besoldiging van sodanige veldwagters.]

Sertifikaat van aanstelling

- 10 25. (1) Elke natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte, ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte en natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter word deur die [Direkteur] Raad van 'n aanstellingsertifikaat in die voorgeskrewe vorm voorsien en moet, by die uitoefening van enige bevoegdheid of die vervulling van enige funksie kragtens hierdie ordonnansie en indien dit vereis word, sodanige sertifikaat ter insae 15 vertoon.
- (2) Wanneer die [Direkteur] Raad 'n aanstellingsertifikaat by subartikel (1) beoog, voorsien, kan hy die uitoefening van die bevoegdhede in artikel 21 genoem, deur die betrokke beampte of veldwagter beperk tot of ten opsigte van—
- (a) die gebiede;
- 20 (b) die misdrywe kragtens hierdie ordonnansie;
- (c) [persone van die ras of klas], of
- (d) die fauna of flora,
- wat [hy] die Raad in die algemeen of spesiaal in sodanige sertifikaat bepaal en spesifiseer.
- 25 (3) 'n Aanstellingsertifikaat uitgereik kragtens subartikel (1) bly geldig in die geval van—
- (a) 'n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte of natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter, totdat hy of sy die diens van die [Administrasie] Raad of die betrokke plaaslike owerheid, na gelang van die geval, verlaat of totdat 30 dit deur die [Direkteur] Raad ingetrek word, watter ook al die kortste tydperk is, en
- (b) 'n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte, vir die tydperk in die sertifikaat bepaal.

Oorgangsbepaling

- 35 25A. Enige persoon wat as 'n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte, ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte of 'n natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter ingevolge artikels 20, 22 en 23 aangestel is onmiddellik voor die wysiging van daardie artikels ingevolge die Wysigingswet op Natuurbewaringswette, 2000, word 40 vanaf die datum van inwerkingtreding van daardie Wet geag aangestel te gewees het onderskeidelik as 'n natuurbewaringsbeampte, ere-natuurbewaringsbeampte of 'n natuurbewaringsveldwagter ingevolge daardie artikels soos gewysig by daardie Wet.

HOOFSTUK IV

BESKERMING VAN WILDE DIERE UITGESONDERD VIS (arts 25A-47)

45 **Toepassing van Hoofstuk IV**

25[A]B. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk omvat die term “wilde dier” nie vis nie.

Verbod op jag of besit van bedreigde wilde diere

26. Niemand mag sonder 'n permit enige bedreigde wilde dier jag of enige bedreigde 50 wilde dier of die karkas van enige sodanige dier in besit hê nie.

Jag van beskermde wilde diere

27. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) mag niemand enige beskermde wilde dier jag nie—

5 (a) gedurende enige jageisoen, tensy hy of sy die houer is van 'n permit of van 'n lisensie op die voorgeskrewe vorm aan hom of haar uitgereik deur die [Direkteur] Raad, 'n ontvanger van inkomste of enige persoon deur die [Direkteur] Raad daartoe gemagtig teen betaling van die voorgeskrewe geld, of

(b) op enige ander tyd, tensy hy of sy die houer is van 'n permit om dit te doen.
10 (2) Die bepalings van subartikel (1)(a) is nie van toepassing nie op enige eienaar van grond, enige familielid van sodanige eienaar of enige voltydse werknemer van sodanige eienaar handelende op gesag van sodanige eienaar, ten opsigte van enige beskermde wilde dier wat op grond van sodanige eienaar aangetref word.

(3) Behoudens die bepalings van enige regulasie kragtens artikel 82(1)(c) gemaak, is 15 die bepalings van subartikel (1) nie van toepassing op enige persoon wat nie in besit is van 'n wapen nie en wat—

(a) in aanwesigheid van die eienaar van enige grond waarop enige beskermde wilde dier deur enige ander persoon gejag word soos by sodanige subartikel beoog, of

20 (b) in afwesigheid maar met die skriftelike toestemming van sodanige eienaar, sodanige ander persoon tydens sodanige jag help deur as 'n drywer op te tree.

Verbod op doodmaak of gevangeneem van meer beskermde wilde diere as daaglikse jagbuit

28. Niemand wat by enige bepaling van hierdie ordonnansie gemagtig is om enige 25 wilde dier te jag, mag te eniger tyd 'n groter getal van enige spesie van beskermde wilde dier doodmaak of gevange neem nie as die daaglikse jagbuit ten opsigte van sodanige spesie bepaal by [proklamasie] kennisgewing kragtens artikel 79(a).

Verbode jagmetodes

29. Tensy hy of sy die houer is van 'n permit wat hom of haar daartoe magtig, mag 30 niemand enige wilde dier jag nie—

- (a) deur middel van vuur of gif;
- (b) met behulp van kunsmatige lig;
- (c) op of vanaf 'n openbare pad;
- (d) deur middel van 'n strik;
- 35 (e) gedurende die tydperk een uur na sonder op enige dag en een uur voor sonop die volgende dag;
- (f) deur middel van enige wapen op 'n openbare plek binne die regsgebied van 'n plaaslike owerheid;
- (g) deur middel van 'n vuurwapen wat 'n patroon met randontsteking en 'n 40 kaliber van minder as vyf komma ses millimeter afskiet;
- (h) deur middel van 'n vuurwapen wat meer as twee skote afskiet sonder dat dit met die hand herlaai word;
- (i) deur middel van 'n pyl en boog;
- (j) deur middel van 'n gestelde geweer of enige dergelike apparaat;
- 45 (k) deur middel van 'n toestel wat 'n bedwelmende of verdowingsmiddel of gif in sodanige dier inspuit;
- (l) deur gebruik te maak van 'n hond, uitgesonderd vir die jag van voëls of vir die doel om enige sodanige dier wat gekwes is, te volg of daarna te soek;
- (m) in die geval van voëls in of op binnelandse waters, deur gebruik te maak van 50 'n boot vir die doel om sodanige voëls te jaag of dood te maak;

met dien verstande dat ten opsigte van die jag van—

- (i) knaagdiere, die bepalings van paragrafe (a), (b), (d), (e), en (l), of
 - (ii) enige voël of enige ander wilde dier wat nie 'n bedreigde of 'n beskermde wilde dier is nie, die bepalings van paragraaf (g), of
 - 55 (iii) enige sodanige wilde dier deur 'n geregistreerde veearts by die uitoefening van sy of haar beroep, die bepalings van paragraaf (k),
- nie van toepassing is nie.

Verbod op gebruik van sekere vuurwapens om sekere wilde diere te jag

30. Niemand mag 'n vuurwapen wat 'n loop met 'n kaliber van ses komma vyf millimeter of minder het, gebruik om 'n Buffel, Eland, Koedoe, Wildebees, Gemsbok of Rooihartbees te jag nie.

5 Verbod of gevangehouding van wilde diere

31. (1) Niemand mag sonder 'n permit wat hom of haar daartoe magtig, enige wilde dier in gevangenskap hou nie; met dien verstande dat in die geval van 'n wilde dier wat 'n voël is, die bepalings van hierdie artikel net van toepassing is ten opsigte van 'n voël wat 'n bedreigde of beskermde wilde dier is.

- 10 (2) Niemand mag te eniger tyd [**hetsy**] ongeag of hy of sy by 'n permit uitgereik kragtens subartikel (1) gemagtig is al dan nie, enige wilde dier deur middel van 'n tou, lyn, ketting of enige dergelike middel bedwing nie.

Verbod op vrylating van uitheemse wilde diere

- 15 31A. Niemand mag sonder 'n permit wat hom of haar daartoe magtig enige uitheemse wilde dier in die Provinsie vrylaat nie.

Verbod op manipulering van grensheinings, ens.

31B. Niemand mag—

- 20 (a) enige heining, hetsy op 'n gemeenskaplike grens of op sy of haar eie eiendom verander, verwyder of gedeeltelik verwyder of laat verander of verwyder of gedeeltelik laat verwyder nie op so 'n wyse dat enige wilde dier wat as gevolg daarvan toegang tot sy of haar eiendom of 'n kamp op sy of haar eiendom verkry of kan verkry, nie daaruit kan ontsnap of waarskynlik sal kan ontsnap nie, en
- 25 (b) grond of enige ander materiaal aan die een kant van enige heining, hetsy op 'n gemeenskaplike grens of op sy of haar eie eiendom, ophoop of laat ophoop nie of grond aan die een kant van sodanige heining verwyder of laat verwyder nie op so 'n wyse dat sodanige ophoping of sodanige verwydering die effek het om sodanige heining aan die een kant laer of hoër te maak, na gelang van die geval, tensy enige wilde dier wat oor sodanige laer gedeelte van sodanige
- 30 heining toegang tot sodanige eiendom of 'n kamp op sodanige eiendom verkry of kan verkry daaruit kant ontsnap of waarskynlik sal kan ontsnap.

Verbod op plasing van gif

32. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag niemand enige gif plaas of laat plaas of toelaat dat dit geplaas word op enige plek waar dit waarskynlik verteer of
- 35 opgeneem sal word of op so 'n wyse dat dit verteer of opgeneem kan word deur 'n wilde dier nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) belet nie 'n persoon om gif te plaas, met behoorlike inagneming van sodanige bepalings, met die doel om knaagdiere, Rooivlerkspreus, Europese Spreus, Engelse Mossies of Muisvoëls uit te roei nie.

- 40 33. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag niemand sonder 'n permit enige motorvoertuig of lugvaartuig gebruik om enige wilde dier te jag of om enige wilde dier of diere te jag, te verstoor, aan te dryf of [**op loop te jaag**] op die vlug te
- 45 laat slaan met die doel om sodanige jag, verstoring, aandrywing of vlug te verfilm of te fotografeer of vir enige ander doel wat ook al nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) belet nie die gebruik van 'n motorvoertuig vir die jag ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie van enige wilde dier deur die eenaar van enige grond op sodanige grond nie.

- 50 34.

Sertifikaat van voldoende omheining

35. (1) Enige eienaar van grond waarop enige spesie van beskermde wilde dier aangetref word, kan op die voorgeskrewe wyse en vorm en met betrekking tot enige sodanige spesie, by die [Direkteur] Raad aansoek doen om 'n sertifikaat van voldoende omheining soos by subartikel (4) beoog ten opsigte van sodanige grond in sy geheel of enige gedeelte daarvan.

(2) Enige aansoek kragtens subartikel (1) moet—

- (a) 'n volledige beskrywing bevat van die grond ten opsigte waarvan aansoek gedoen word, die grense en grootte daarvan en die plantegroei daarop;
- 10 (b) die spesie van beskermde wilde dier waarop die aansoek betrekking het, die geraamde getal van sodanige spesie in die vrye natuurreservaat en die getal van sodanige spesie in gevangenskap op die grond in paragraaf (a) genoem, meld;
- (c) die gronde uiteensit waarop daar beskou word dat die betrokke grond
- 15 (d) die nadere inligting aangee wat voorgeskryf word.

(3) Vir die doel om oor enige sodanige aansoek te beslis, kan die [Direkteur] Raad van die aansoeker vereis dat hy of sy die nadere inligting aan [hom] die Raad verstrek wat [hy] die Raad nodig of wenslik ag.

20 (4) As die [Direkteur] Raad—

- (a) met inagneming van die grootte van die grond ten opsigte waarvan aansoek kragtens subartikel (1) gedoen is, die getal van die spesie van beskermde wilde dier waarop sodanige aansoek betrekking het wat normaalweg op sodanige grond aangetref word en die ander omstandighede wat [hy] die Raad as ter sake beskou, van mening is dat die betrokke diere in werklikheid in gevangenskap gehou word, weier [hy] die Raad die aansoek, of
- 25 (b) daarvan oortuig is dat sodanige grond voldoende omhein is met betrekking tot sodanige spesie, kan [hy] die Raad na goeddunke die aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaardes wat [hy] die Raad nodig of wenslik ag en
- 30 aan die aansoeker 'n sertifikaat van voldoende omheining ten opsigte van sodanige grond uitreik en moet [hy] in sodanige sertifikaat die voorwaardes bepaal, indien daar is, waarop dit uitgereik word, die grense van die betrokke grond omskryf en die spesie van beskermde wilde dier waarop dit betrekking het, bepaal.

35 (5) (a) 'n Sertifikaat van voldoende omheining ingevolge subartikel (4) uitgereik is, behoudens die bepalings van paragraaf (b), geldig vir die tydperk daarin bepaal.

(b) 'n Sertifikaat van voldoende omheining kan te eniger tyd gedurende die geldigheidsduur daarvan summier en sonder kennisgewing vooraf aan of oorleg met die houer daarvan deur die [Direkteur] Raad ingetrek word; met dien verstande dat

40 sodanige intrekking deur die [Direkteur] Raad tersyde gestel kan word indien [hy] die Raad, na oorleg met sodanige houer, van mening is dat sodanige tersydestelling nodig of wenslik is.

(6) Enige sertifikaat uitgereik kragtens artikel 22 van die Ordonnansie op Natuur-bewaring, 1965 (Ordonnansie 26 van 1965) voor die herroeping van dié ordonnansie by

45 artikel 89 van hierdie ordonnansie word geag 'n sertifikaat van voldoende omheining uitgereik ingevolge subartikel (4) van hierdie artikel te wees, en enige sodanige sertifikaat bly geldig vir die tydperk daarin vermeld tensy dit ingevolge subartikel (5) ingetrek word voor die verstryking van sodanige tydperk.

Regte van houer van sertifikaat van voldoende omheining en sekere ander persone

50 36. Enige eienaar van grond aan wie 'n sertifikaat van voldoende omheining ingevolge artikel 35(4)(b) uitgereik is, enige familielid van sodanige eienaar, enige voltydse werknemer van sodanige eienaar handelende op gesag van sodanige eienaar en enige ander persoon in besit van 'n permit of van 'n lisensie in artikel 27(1)(a) genoem en handelende met die toestemming van sodanige eienaar kan, ondanks enige

55 andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie maar behoudens enige voorwaardes in sodanige sertifikaat bepaal—

- (a) te eniger tyd deur enige ander middel as deur die gebruik van vuur of gif en op die grond ten opsigte waarvan sodanige sertifikaat uitgereik is, enige getal van die spesie van beskermde wilde dier in sodanige sertifikaat bepaal, jag;

- (b) behoudens die bepalings van artikel 31(2) en enige regulasies kragtens artikel 82(1)(d) gemaak, enige dier van sodanige spesie wat op sodanige grond gevange geneem is, op sodanige grond in gevangenskap hou, en
- 5 (c) enige dier van sodanige spesie wat aldus gevange geneem is of die karkas van enige sodanige dier verkoop of skenk.

Sertifikaat van voldoende omheining verval by oordrag of verhuur van grond

37. Enige sertifikaat van voldoende omheining uitgereik ingevolge artikel 35(4)(b) verval wanneer die grond ten opsigte waarvan dit uitgereik is of enige gedeelte van sodanige grond oorgedra of verhuur word.

10 Oordrag van jag- en ander regte

38. (1) Die [Direkteur] Raad kan skriftelik magtiging verleen aan—
- (a) enige eienaar van grond aan wie 'n sertifikaat van voldoende omheining ingevolge artikel 35(4)(b) uitgereik is, of
- (b) enige ander eienaar van grond,
- 15 om, hetsy tydelik of permanent, aan 'n persoon deur [hom] die Raad goedgekeur en behoudens die voorwaardes wat [hy] die Raad stel—
- (i) in die geval van 'n eienaar in paragraaf (a) genoem, die regte by artikel 36 aan sodanige eienaar verleen, oor te dra, en
- (ii) in die geval van 'n eienaar in paragraaf (b) genoem, die regte van enige
- 20 sodanige eienaar kragtens hierdie ordonnansie oor te dra.
- (2) By die toepassing van die bepalings van hierdie ordonnansie word enige persoon aan wie enige regte oorgedra is soos by subartikel (1) beoog, vanaf die datum van sodanige oordrag en, in die geval van 'n tydelike oordrag, vir die duur van die betrokke tydperk, geag die eienaar van die betrokke grond te wees.

25 Eienaar van grond kan ander persone toelaat om wilde diere op sy of haar grond te jag

39. (1) Behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie kan enige eienaar van grond enige ander persoon toelaat om ooreenkomstig sodanige bepalings enige wilde dier op die grond van sodanige eienaar te jag en om enige sodanige dier of die karkas
- 30 van enige sodanige dier van sodanige grond te verwyder.
- (2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is geen toestemming ingevolge subartikel (1) verleen, geldig nie tensy dit op skrif gestel is en daarin aangegee word—
- (a) die volle name en adres van die betrokke eienaar en van die persoon aan wie dit verleen word, en
- 35 (b) die getal en die spesie van wilde dier, die datum of datums en die grond ten opsigte waarvan dit verleen word,
- en dit deur sodanige eienaar onderteken en gedateer is.
- (3) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing ten opsigte van toestemming ingevolge subartikel (1) verleen aan enige familielid of voltydse
- 40 werknemer van enige eienaar van grond nie.

Jag van wilde diere op grond wat aan ander persoon behoort

40. Niemand mag op grond waarvan hy of sy nie die eienaar is, enige wilde dier jag of enige sodanige dier of die karkas van sodanige dier van sodanige grond verwyder sonder die toestemming van die eienaar van sodanige grond ingevolge artikel 39
- 45 verleen nie.

Skenking of verkoop van wilde dier of karkas daarvan

41. Niemand mag enige wilde dier of die karkas van enige sodanige dier aan enige ander persoon skenk of verkoop nie tensy hy of sy, wanneer hy of sy sodanige dier of karkas aan sodanige ander persoon aflewer, sodanige ander persoon voorsien van 'n
- 50 geskrewe dokument deur hom of haar onderteken waarin aangegee word—
- (a) die volle name en adres van sodanige eersgenoemde persoon;
- (b) die volle name en adres van sodanige ander persoon;
- (c) die getal en spesies van wilde diere of karkasse aldus geskenk of verkoop;

- (d) die datum waarop sodanige dier of karkas aldus geskenk of verkoop is, en
- (e) 'n verklaring deur hom of haar dat hy of sy sodanige dier of karkas aan sodanige ander persoon geskenk of verkoop het.

Besit van wilde dier of karkas daarvan

- 5 **42.** (1) Enige persoon wat in besit gevind word van enige wilde dier of die karkas van enige sodanige dier is skuldig aan 'n misdryf tensy, ingeval—
- (a) die dier deur hom of haar gejaag is op die grond van enige ander persoon, hy of sy in besit is van die skriftelike toestemming by artikel 39 beoog, of
 - (b) hy of sy sodanige dier of karkas van enige ander persoon verkry het, hy of sy in besit is van 'n geskrewe dokument by artikel 41 beoog.
- 10 (2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie in enige geval waar 'n familielid of voltydse werknemer van enige eienaar van grond in besit gevind word van 'n wilde dier of die karkas van enige sodanige dier wat sodanige familielid of werknemer op die grond van sodanige eienaar met sy of haar toestemming gejaag het of
- 15 wat sodanige eienaar aan sodanige familielid of werknemer verkoop of geskenk het.

Dokumente insake toestemming om te jag of [die] skenking van wilde diere of [die] karkasse daarvan moet vir sekere tydperk behou word

43. Elke dokument in artikels 39 en 41 genoem, moet deur die persoon aan wie dit voorsien is, behou word vir 'n tydperk van minstens twee maande vanaf die datum
- 20 waarop dit aldus voorsien is of terwyl sodanige persoon in besit is van die wilde dier of karkas waarop dit betrekking het, watter ook al die langste tydperk is.

Diverse misdrywe met betrekking tot sekere wilde diere

44. (1) Behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie mag niemand sonder 'n permit wat hom of haar daartoe magtig—
- 25 (a) enige wilde dier invoer in, uitvoer uit of vervoer in of deur die Provinsie nie;
 - (b) (i) die karkas van enige wilde dier in die Provinsie invoer vanaf enige plek buite die Republiek nie, of
 - (ii) die karkas van enige bedreigde wilde dier of enige beskermde wilde dier wat in Aanhangsel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word, uit die Provinsie uitvoer nie;
 - 30 (c) die karkas of enigiets wat vervaardig is van die karkas van enige bedreigde wilde dier verkoop, koop, skenk of as 'n skenking ontvang nie;
 - (d) die karkas van enige bedreigde wilde dier verwerk, berei, bewerk, looi of op
 - 35 enige wyse wat ook al behandel met die doel om—
 - (i) enige artikel daarvan te vervaardig nie;
 - (ii) sodanige karkas of enige artikel daarvan vervaardig, ten toon te stel nie, of
 - (iii) sodanige karkas te monteer nie, of
 - 40 (e) enige lewende bedreigde of beskermde wilde dier te verkoop, te koop, te skenk, as 'n skenking te ontvang of in besit te hê nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1)(a) word nie uitgelê as sou dit die uitvoer uit of die vervoer in of deur die Provinsie sonder 'n permit belet van enige voël wat nie 'n bedreigde of beskermde wilde dier is nie.

45 Verkoop en koop van biltong en biltongwors

45. (1) Niemand mag biltong of biltongwors verkoop nie tensy—
- (a) die vleis waarvan dit gemaak is, die vleis is van 'n wilde dier wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie of enige ander wet gejaag is;
 - 50 (b) dit deur die produsent daarvan verpak is in 'n deeglike verseëelde en heel houër en sodanige seël en houër ongeskonde is, en
 - (c) die name en adres van die produsent in duidelik leesbare letters en syfers op sodanige houër verskyn.
- (2) Niemand mag enige biltong of biltongwors koop wat nie aan die bepalings van
- 55 subartikel (1)(b) en (c) voldoen nie.

Verkoop van karkasse van wilde diere

46. Geen karkas van enige wilde dier mag verkoop word deur enige ander persoon nie as—

- 5 (a) die eienaar van enige grond waarop die betrokke dier ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie gejag is;
- (b) 'n markmeester op 'n openbare of munisipale mark, of
- (c) 'n persoon wat gemagtig is by 'n permit uitgereik kragtens hierdie ordonnansie [of 'n lisensie uitgereik kragtens die Lisensieordonnansie, 1981 (Ordonnansie 17 van 1981), om sodanige karkas te verkoop].

10 Plaaslike owerheid kan eienaar van grond toelaat om sekere wilde diere te jag

47. (1) Indien 'n plaaslike owerheid, op aansoek op die voorgeskrewe vorm deur 'n eienaar van grond binne sy regsgebied, daarvan oortuig is dat skade aangerig word aan gesaaides of ander eiendom van sodanige eienaar deur—

- 15 (a) enige ander spesie van beskermde wilde dier as die Olifant, Leeu, Bontebok, Rooihartbees, Eland, Gemsbok, Swartwildebees, Oribie, Bloubokkie, Klipspringer of Erdvark, of
- (b) voëls wat nie bedreigde of beskermde wilde diere is nie,
- kan [hy] die plaaslike owerheid ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie 'n permit op die voorgeskrewe vorm uitreik whereby sodanige eienaar of 'n
- 20 persoon deur hom of haar benoem, gemagtig word om sodanige spesie of voëls te jag op die grond van sodanige eienaar op die plek waar sodanige skade aangerig word en kan [hy] die plaaslike owerheid in 'n geval in paragraaf (b) genoem, ondanks die bepalings van artikel 29(a), (d) of (e), in enige sodanige permit bepaal dat enige voëls in sodanige paragraaf genoem, gejag kan word deur middel van gif of 'n strik en te
- 25 eniger tyd in die dag of die nag.

(2) 'n Permit uitgereik ingevolge subartikel (1) is geldig vir 'n tydperk daarin bepaal van hoogstens een maand vanaf die datum van uitreiking daarvan.

HOOFSTUK IVA

BESKERMING VAN RENOSTERS (art 47A)

30 Beskerming van en strawwe vir misdrywe met betrekking tot renosters, ens.

47A. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie mag niemand, sonder 'n permit wat hom of haar daartoe magtig—

- (a) enige renoster jag, vang, besit, invoer in, uitvoer uit of vervoer deur die Provinsie, koop, verkoop, ontvang as 'n geskenk of skenk nie, of
- 35 (b) die karkas (hetsy onbehandel, verwerk, berei, bewerk, gelooi of op enige ander wyse wat ook al behandel) van enige renoster besit, invoer in, uitvoer uit of vervoer deur die Provinsie, koop, verkoop ontvang as 'n geskenk of skenk nie.

(2) Enigiemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens een honderd duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en met 'n boete van hoogstens drie maal die handelswaarde van enige renoster of die karkas (hetsy onbehandel, verwerk, berei, bewerk, gelooi of op enige ander wyse wat ook al behandel) van enige renoster ten

45 opsigte waarvan die misdryf gepleeg is.

(3) (a) Die hof wat enigiemand aan 'n misdryf beoog by subartikel (2), saamgelees met subartikel (1), skuldig bevind—

- (i) moet, sonder kennisgewing aan enigiemand en benewens die straf wat [hy] die hof ingevolge subartikel (2) kan oplê, enige renoster of die karkas (hetsy onbehandel, verwerk, berei, bewerk, gelooi of op enige ander wyse wat ook al behandel) van enige renoster ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is, aan die [Administrasie] Raad verbeurd verklaar, en
- 50 (ii) kan, sonder kennisgewing aan enigiemand en benewens die straf en verbeurdverklaring beoog by subparagraaf (i), verklaar dat enige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel en enige wapen, instrument,
- 55 houer of ander ding wat gebruik is vir die doel van of in verband met die

pleging van die misdryf en wat aan die hof voorgelê is, aan die [Administrasie] Raad verbeur is.

(b) Die [Administrasie] Raad of enigiemand deur [hom] die Raad daartoe gemagtig, kan enigiets wat ingevolge paragraaf (a) verbeurd verklaar is, laat vernietig of verkoop
5 of kan gelas wat andersins daarmee gedoen kan word.

(c) Enige regte wat enigiemand anders as die veroordeelde moontlik het op enige renoster of enige karkas (hetsy onbehandel, verwerk, berei, bewerk, gelooi of op enige ander wyse wat ook al behandel) van 'n renoster of enige ander ding wat ingevolge paragraaf (a) verbeurd verklaar is, word nie deur sodanige verbeurdverklaring geraak
10 nie indien sodanige persoon bewys dat hy of sy nie bewus was van die pleging van die misdryf nie of dat hy of sy alle redelike stappe gedoen het om die pleging van die misdryf te voorkom of dat hy of sy nie die pleging van die misdryf kon verhoed het nie en dat hy of sy wat ook al verbeurd verklaar is, wettig kan besit.

(d) Die bepalings van artikel 35(4) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977),
15 is, behoudens die bepalings van paragraaf (c), *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n verbeurdverklaring ingevolge hierdie subartikel van toepassing.

(4) [Waar daar by enige vervolging kragtens subartikel (1), saamgelees met subartikel (2), bewys word dat enigiemand enige handeling beoog by subartikel (1) verrig het, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die
20 verrigting van sodanige handeling onwettig was].

(5) [Die Direkteur-generaal: Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop kan uit geld wat die Parlement vir die doel bewillig en met die instemming van die Minister van Finansies 'n kontantbedrag wat na sy oordeel] Die Raad kan uit geld wat die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap vir die doel bewillig en met
25 die instemming van die provinsiale Minister verantwoordelik vir finansiële sake, 'n kontantbedrag wat na die Raad se oordeel in die omstandighede redelik en billik is, betaal aan enigiemand, behalwe iemand in diens van die Staat, wat enige inligting of bewysstuk met betrekking tot 'n misdryf by subartikel (2) bedoel, aan [hom] die Raad verskaf het, ongeag of sodanige inligting of sodanige bewysstuk tot 'n vervolging en
30 skuldigbevinding in 'n bevoegde hof aanleiding gee.

HOOFSTUK V

BESKERMING VAN VIS IN BINNELANDSE WATERS (arts 48-61A)

Besoedeling van binnelandse waters

48. Niemand mag—

- 35 (a) in enige binnelandse waters, of
(b) op enige plek van waar dit waarskynlik na enige binnelandse water sal deursypel of op enige ander wyse daarin sal kom,
enigiets, hetsy solied, vloeibaar of gasagtig, stort, laat stort of toelaat dat dit daarin gestort word nie, wat vir enige vis of visvoedsel skadelik is of waarskynlik skadelik sal
40 wees of wat, indien dit in groot hoeveelhede of getalle aldus gestort word, aldus skadelik sal wees.

Versperring van vis in binnelandse waters

49. Niemand mag in enige binnelandse waters enige artikel of ding plaas of laat plaas of toelaat dat dit daarin geplaas word, uitgesonderd 'n net waarvan die gebruik in
45 binnelandse waters by enige bepaling van hierdie ordonnansie gemagtig word, wat die vrye deurgang van vis in sodanige waters sal verhinder of waarskynlik sal verhinder nie.

Plaas van vis ens. in binnelandse waters

50. Niemand mag sonder 'n permit enige lewende vis of enige watergewas in enige
50 binnelandse waters plaas of op enige wyse invoer of daarin laat plaas of invoer of toelaat dat dit daarin geplaas of ingevoer word nie; met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is ten opsigte van lewende vis wat in enige binnelandse waters teruggeplaas word onmiddellik nadat dit in sodanige waters gevang is nie.

Doodmaak van vis

51. Behoudens die bepalings van artikel 61 mag niemand deur enige middel wat ook al enige vis doodmaak of beseer of die kuit van enige vis opsetlik verstoort of vernietig in enige binnelandse waters nie; met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel 5 nie van toepassing is ten opsigte van enige vis wat doodgemaak of beseer word terwyl dit in sodanige waters gevang en daaruit geneem word ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie nie.

Verbod op vang van sekere spesies van vis en vang van vis buite hengelseisoen

52. Behoudens die bepalings van artikel 61 mag niemand sonder 'n permit—
- 10 (a) enige vis wat 'n bedreigde wilde dier is, vang of enige sodanige vis of die karkas of kuit daarvan in sy of haar besit hê nie, of
- (b) te eniger tyd buite die hengelseisoen vir enige spesie van vis, enige vis van sodanige spesie in enige binnelandse waters vang nie.

Hengellisensie

- 15 53. Behoudens die bepalings van artikels 52 en 61 mag niemand in enige binnelandse water hengel sonder 'n lisensie uitgereik deur die [Direkteur] Raad, 'n ontvanger van inkomste of enige persoon deur die [Direkteur] Raad daartoe gemagtig, op die voorgeskrewe vorm teen betaling van die voorgeskrewe geld nie.

Netlisensie

- 20 54. (1) Behoudens die bepalings van artikel 61 mag niemand vir enige doel wat ook al enige fuik-, krap-, span- of treknet in enige binnelandse water gebruik sonder 'n lisensie op die voorgeskrewe vorm aan hom of haar uitgereik deur die [Direkteur] Raad teen betaling van die voorgeskrewe geld nie.
- 25 (2) Behoudens die bepalings van artikels 52 en 61 mag niemand vir enige doel wat ook al enige gooinet in enige binnelandse water gebruik sonder 'n lisensie op die voorgeskrewe vorm aan hom of haar uitgereik deur die [Direkteur] Raad, 'n ontvanger van inkomste of enige persoon deur die [Direkteur] Raad daartoe gemagtig, teen betaling van die voorgeskrewe geld nie.

Verbod op vang van meer vis as getal bepaal as jagbuit en van ondermaatse vis

- 30 55. (1) Behoudens die bepalings van artikel 61 mag niemand sonder 'n permit te eniger tyd in enige binnelandse waters—
- (a) 'n groter getal van enige spesie van vis vang as die daaglikse jagbuit bepaal ten opsigte van sodanige spesie by [proklamasie] kennisgewing kragtens artikel 79(a), nie, of
- 35 (b) enige vis vang wat 'n kleiner grootte of massa het as die grootte of massa bepaal by regulasie gemaak kragtens artikel 82(1)(h) ten opsigte van die spesie van sodanige vis nie.
- (2) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie ordonnansie kan die [Direkteur] Raad vir die toepassing van hierdie artikel enige persoon aan wie 'n permit 40 vir die toepassing van subartikel (1) uitgereik is, magtig om enige net in enige binnelandse waters te gebruik.

Verbode metodes om vis te vang

56. Behoudens die bepalings van artikel 61 mag niemand in enige binnelandse waters vis vang nie—
- 45 (a) deur dit te gryp of te deurboor;
- (b) deur middel van 'n spannet, treknet of fuiknet wat in elke geval oor 'n afstand van meer as die helfte van die breedte van sodanige binnelandse waters strek op die plek waar sodanige net aldus gebruik word;
- (c) deur middel van 'n fuiknet indien enige toestel wat gebruik word om vis na 50 'n opening in sodanige net te lei, langer as ses meter is;
- (d) deur 'n spannet of fuiknet te plaas of deur 'n treknet te gebruik binne 'n afstand van dertig meter vanaf die eindpunte van enige ander sodanige net

wat in sodanige waters gebruik word, en vir die toepassing van hierdie paragraaf word die eindpunte van 'n fuiknet geag die eindpunte te wees van die toestelle, indien daar is, wat gebruik word om vis na 'n opening in sodanige net te lei;

- 5 (e) deur te hengel deur middel van—
 (i) meer as twee lyne;
 (ii) meer as twee enkelhoeke aan enige lyn geheg, of
 (iii) 'n stellyn met meer as twee hoeke daaraan geheg.
 (f) **[Geskrap by a. 13/O 26/86.]**

10 Verkoop ens. van sekere spesies van vis

57. Niemand mag sonder 'n permit—

- (a) enige vis wat 'n bedreigde wilde dier is of die karkas of kuit van sodanige vis verkoop of koop nie;
 (b) enige lewende karp, blouwangsonvis, forel, swartbaars, vleikurper of uitheemse ongewerwelde varswaterfauna verkoop, koop of vervoer nie;
 15 (c) enige vis waarvan die vangs by artikel 55(1)(b) verbied word, verkoop of koop nie.

Invoer en uitvoer van vis

58. Niemand mag sonder 'n permit—

- 20 (a) enige lewende vis of die kuit van enige vis in die Provinsie invoer nie;
 (b) enige vis wat 'n bedreigde wilde dier is of die karkas of kuit van enige sodanige vis invoer in of uitvoer uit of vervoer in of deur die Provinsie nie, of
 25 (c) enige vis wat 'n beskermde wilde dier is en in Aanhangsel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word of die karkas of kuit van enige sodanige vis invoer in of uitvoer uit die Provinsie nie.

Verwydering ens. van aas in binnelandse waters gevang

59. Geen krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm, hetsy lewend of nie, wat in 30 enige binnelandse waters gevang is, mag, uitgesonderd op gesag van 'n permit—

- (a) aan enige persoon verkoop word nie, of
 (b) deur enige persoon gekoop word nie uitgesonderd van 'n persoon wat by enige bepaling van hierdie ordonnansie gemagtig is om dit te verkoop.

Skadelike watergewasse

35 **60.** Niemand mag enige skadelike watergewas kweek, besit, vervoer, verkoop, skenk, koop of andersins aanskaf of in die Provinsie invoer nie.

Private binnelandse waters

61. Die bepalings van artikels 51, 52, 53, 54, 55 en 56 is, ten opsigte van enige private binnelandse waters, nie van toepassing nie op—

- 40 (a) die eienaar van sodanige waters;
 (b) enige familielid van sodanige eienaar, of
 (c) enige voltydse werknemer van sodanige eienaar of enige ander persoon handelende met die toestemming van sodanige eienaar.

Vrystelling van bepalings vir wetenskaplike doeleindes

45 **61A.** Die **[Direkteur]** Raad kan na goeë dunde en onderworpe aan die voorwaardes wat **[hy]** die Raad nodig of wenslik ag, skriftelik vrystelling van enige bepaling van hierdie Hoofstuk verleen aan enigiemand wat oor vis of visvoedsel navorsing doen.

HOOFTUK VI

BESKERMING VAN FLORA (arts 62-72)

Besit ens. van bedreigde flora

- 5 **62.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie mag niemand sonder 'n permit enige bedreigde flora in sy besit hê, verkoop, koop, skenk, as 'n skenking ontvang, pluk, of invoer in, uitvoer uit of vervoer in of deur die Provinsie nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1) word nie uitgelê as sou dit die besit sonder 'n permit deur 'n eienaar van grond van enige bedreigde flora wat in die natuurstaat op sodanige grond groei, belet nie.
- 10 (3) Iedereen wat bedreigde flora wat hy of sy op 'n vaste perseel gekweek het, wil verkoop, moet op die voorgeskrewe vorm by die **[Direkteur] Raad** aansoek doen om registrasie as 'n kweker van bedreigde flora en 'n permit om bedreigde flora wat gekweek is, te verkoop en aan **[hom]** die Raad die voorgeskrewe inligting en die ander inligting wat hy vereis, verstrek.
- 15 (4) By ontvangs van enige sodanige aansoek kan die **[Direkteur] Raad** die inspeksie van die betrokke perseel wat **[hy]** die Raad nodig ag, laat uitvoer en indien **[hy]** die Raad daarvan oortuig is dat die bestaan van sodanige aansoek die oogmerke van hierdie Hoofstuk sal bevorder, kan **[hy]** die Raad, onderworpe aan die voorwaardes wat **[hy]** die Raad dienstig ag, aan die aansoeker 'n sertifikaat van registrasie as 'n kweker van bedreigde flora en 'n permit om bedreigde flora wat gekweek is, te verkoop op die voorgeskrewe vorm uitreik.
- (5) **[Die houer van 'n permit uitgereik kragtens subartikel (4) is nie onthef van die nakoming van enige bepaling in die Lisensieordonnansie, 1981 (Ordonnansie 17 van 1981), in verband met die verkoop van enige flora nie.]**
- 25 (6) 'n Sertifikaat en 'n permit uitgereik kragtens subartikel (4) is geldig—
- (a) in eersgenoemde geval, totdat dit deur die **[Direkteur] Raad** ingetrek word, en
- (b) in laasgenoemde geval, vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van uitreiking daarvan.
- 30 (7) Die houer van 'n permit uitgereik kragtens subartikel (4) mag nie enige bedreigde flora aan enige persoon verkoop of skenk nie tensy hy of sy, wanneer hy of sy sodanige flora aan sodanige persoon verkoop of skenk, sodanige persoon voorsien van 'n geskrewe en gedateerde dokument deur hom of haar onderteken waarin aangegee word—
- 35 (a) sy of haar volle naam en adres;
- (b) die volle naam en adres van sodanige persoon;
- (c) die nommer en datum van sodanige permit, en
- (d) die naam van elke spesie en die getal van elke spesie van sodanige flora wat verkoop of geskenk is.
- 40 (8) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie artikel word geen permit vereis vir die koop, ontvangs as 'n geskenk, vervoer of besit van enige bedreigde flora wat verkoop of geskenk is deur die houer van 'n permit kragtens subartikel (4) uitgereik en waarin sodanige flora gespesifiseer is nie; met dien verstande dat enige persoon wat sodanige flora gekoop of as geskenk ontvang het of in sy of haar besit het, in besit is
- 45 van 'n dokument by subartikel (7) beoog.

Verbod op pluk van sekere flora

- 63.** (1) Niemand mag—
- (a) die plant uittrek terwyl hy of sy die blom van enige flora pluk nie;
- (b) sonder 'n permit—
- 50 (i) enige bedreigde of beskermde flora pluk nie, of
- (ii) enige flora op 'n openbare pad of op die grond aan weerskante van sodanige pad binne 'n afstand van negentig meter van die middel van sodanige pad pluk nie, of
- (c) enige beskermde of inheemse onbeskermde flora op grond waarvan hy of sy nie die eienaar is, pluk sonder die toestemming van die eienaar van sodanige grond of van enige persoon deur sodanige eienaar gemagtig om sodanige
- 55 toestemming te verleen nie.

(2) Geen toestemming ingevolge subartikel (1)(c) verleen, is geldig nie tensy dit op skrif gestel is en daarin aangegee word—

- (a) die volle name en adres van die eienaar van die betrokke grond of van die persoon wat gemagtig is om sodanige toestemming te verleen;
 - 5 (b) die volle name en adres van die persoon aan wie toestemming verleen word, en
 - (c) die getal en spesies van flora, die datum of datums waarop sodanige flora gepluk kan word en die grond ten opsigte waarvan toestemming verleen word,
- 10 en geteken en gedateer is deur sodanige eienaar of die persoon deur hom of haar gemagtig.

(3) Die bepalings van subartikel (1)(b) is nie van toepassing op die eienaar van enige grond, enige familielid van sodanige eienaar en enige voltydse werknemer van sodanige eienaar handelende in opdrag [**van**] of met die verlof van sodanige eienaar, 15 ten opsigte van enige beskermde of inheemse onbeskermde flora op sodanige grond nie.

(4) Die bepalings van subartikel (1)(b)(i) is nie van toepassing op enige persoon wat skriftelik deur die eienaar van enige grond gemagtig is om enige beskermde flora op sodanige grond te pluk met die doel om die saad van sodanige flora te versamel en 20 voort te plant nie.

Verkoop en koop van beskermde flora

64. Niemand mag enige beskermde flora—

- (a) op enige ander plek as op die perseel van 'n geregistreerde florakweker of geregistreerde floraverkoper verkoop of koop nie, en
- 25 (b) sonder 'n lisensie kragtens artikel 65(2) uitgereik, verkoop nie.

Registrasie en lisensiering van florakwekers en floraverkopers

65. (1) Iedereen wat ten opsigte van 'n vaste perseel as 'n florakweker of floraverkoper, na gelang van die geval, geregistreer en gelisensieer wil word, moet op die voorgeskrewe wyse en vorm by die [**Direkteur**] Raad aansoek doen om registrasie 30 ingevolge hierdie artikel en aan [**hom**] die Raad die voorgeskrewe inligting en die ander inligting wat [**hy**] die Raad vereis, verstrek.

(2) By ontvangs van enige sodanige aansoek kan die [**Direkteur**] Raad die inspeksie van die betrokke perseel wat [**hy**] die Raad nodig ag, laat uitvoer en indien [**hy**] die Raad na oorleg met die plaaslike owerheid in wie se regsgebied sodanige perseel geleë 35 is en met inagneming van enige ander inligting tot [**sy**] die Raad se beskikking, daarvan oortuig is dat die toestaan van sodanige aansoek nie strydig met die oogmerke van hierdie Hoofstuk is nie kan [**hy**] die Raad, na goeddunke en onderworpe aan die voorwaardes wat [**hy**] die Raad dienstig ag, op die voorgeskrewe vorm aan enige sodanige aansoeker—

- 40 (a) ten opsigte van die betrokke perseel 'n sertifikaat van registrasie as 'n florakweker of floraverkoper, na gelang van die geval, en
- (b) teen betaling van die voorgeskrewe geld, 'n lisensie om op die betrokke perseel die beskermde flora te verkoop wat [**hy**] die Raad in sodanige lisensie spesifiseer,

45 uitreik; met dien verstande dat geen geld betaalbaar is ten opsigte van 'n lisensie om beskermde flora wat gekweek is, te verkoop nie.

(3) [**Die houer van 'n lisensie uitgereik kragtens subartikel (2) is nie onthef van die nakoming van enige bepaling van die Lisensieordonnansie, 1981 (Ordonnansie 17 van 1981), in verband met die verkoop van enige flora nie.**]

- 50 (4)(a) 'n Lisensie uitgereik aan—
 - (i) 'n florakweker is geldig vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van uitreiking daarvan, en
 - (ii) 'n floraverkoper is geldig vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van uitreiking daarvan.

55 (b) 'n Sertifikaat van registrasie as 'n florakweker of floraverkoper is geldig totdat dit deur die [**Direkteur**] Raad ingetrek word of, in die geval waar die [**Direkteur**] Raad nie binne dertig dae na die verstryking van die tydperke by paragraaf (a) beoog 'n aansoek om 'n nuwe lisensie van 'n florakweker of floraverkoper, na gelang van die geval, ontvang nie, vir die tydperke by paragraaf (a) beoog en vir dertig dae daarna.

Verkoop van beskermde flora op [die] persele van geregistreerde florakwekers en -verkopers

66. Niemand mag enige beskermde flora verkoop op die perseel van—
- 5 (a) 'n geregistreerde florakweker nie, tensy sodanige flora op sodanige perseel voortgeplant of gekweek is of in die natuurstaat voorgekom het;
- (b) 'n geregistreerde floraverkoper nie, tensy sodanige flora van enige ander geregistreerde floraverkoper of geregistreerde florakweker verkry is, of
- 10 (c) 'n geregistreerde floraverkoper nie indien sodanige flora voortgeplant of gekweek is of in die natuurstaat voorgekom het op enige perseel van enige geregistreerde floraverkoper wat nie ten opsigte van sodanige perseel as 'n florakweker geregistreer is nie.

Verkoop van beskermde flora vir liefdadigheids- en ander goedgekeurde doeleindes

67. Ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie kan die
- 15 **[Direkteur]** Raad, onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat **[hy]** die Raad nodig ag, 'n permit aan enige persoon uitreik waarby sodanige persoon gemagtig word om beskermde flora vir liefdadigheids- of die ander doeleindes wat die **[Direkteur]** Raad goedgekeur, te verkoop op 'n tyd en plek in sodanige permit bepaal.

Plekke vir verkoop van inheemse onbeskermdes flora

- 20 68. (1) 'n Plaaslike owerheid kan, ten opsigte van die verkoop van inheemse onbeskermdes flora binne sy regsgebied, die plekke afsonder wat hy geskik ag vir die verkoop van sodanige flora, en die skuilings of ander strukture daarop oprig wat hy nodig ag **[en, ondanks enige andersluidende bepalings van die Lisensieordonnansie, 1981 (Ordonnansie 17 van 1981) kan hy by die uitreiking van 'n lisensie beoog**
- 25 **by Item 32 van die Eerste Bylae van sodanige ordonnansie waarby die houer van sodanige lisensie gemagtig word om sake te doen deur blomme te verkoop of te verruil of blomme vir verkoop of ruil aan te bied of uit te stal, die dryf van sodanige besigheid ten opsigte van inheemse onbeskermdes flora beperk tot enige plek aldus afgesonder].**
- 30 (2) Niemand mag enige inheemse onbeskermdes flora op enige ander plek verkoop as op 'n plek ingevolge subartikel (1) afgesonder of op die perseel van 'n geregistreerde floraverkoper of geregistreerde florakweker nie.

Verkoop van inheemse onbeskermdes flora deur eienaar van grond

69. Ondanks die bepalings van artikel 68(2) kan 'n eienaar van grond waarop
- 35 inheemse onbeskermdes flora voortgeplant of gekweek word of waarop sodanige flora in die natuurstaat voorkom, sodanige flora wat aldus voortgeplant of gekweek is of wat aldus voorkom, verkoop aan enige persoon—
- (a) op sodanige grond;
- (b) op 'n plek ingevolge artikel 68(1) afgesonder, of
- 40 (c) wat 'n besigheid dryf kragtens 'n lisensie wat kragtens artikel 65(2) aan hom of haar uitgereik is.

Uitvoer en invoer van flora

70. Niemand mag sonder 'n permit—
- 45 (a) enige flora uit die Provinsie uitvoer nie; met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op die uitvoer deur enige persoon van enige flora, uitgesonderd bedreigde flora en beskermde flora genoem in Aanhangsel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, wat hy of sy wettiglik verkry het van enige geregistreerde florakweker of geregistreerde floraverkoper wat die houer is van 'n permit beoog by hierdie paragraaf om
- 50 sodanige flora uit te voer; voorts met dien verstande dat sodanige persoon, terwyl hy of sy sodanige flora uitvoer, bykomend tot enige dokument by artikels 71 en 72 beoog, in besit is van 'n dokument waarin die nommer en

datum van sodanige uitvoerpermit van sodanige florakweker of floraverkoper weergegee word, of

- (b) enige beskermde flora wat in Aanhangel II van die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora, Washington, 1973, gespesifiseer word in die Provinsie invoer nie.

Skenking van flora

71. Die bepalings van artikels 41 en 43 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die skenking van enige flora deur enige persoon aan enige ander persoon.

Besit van flora

- 10 72. Die bepalings van artikels 42 en 43 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige persoon wat in besit van enige flora gevind word.

HOOFSTUK VIA

BEROEPSJAGTERS, JAGUITRUSTERS EN DIREKTEURE VAN BEROEPSJAGSKOLE

15 Woordoms krywing

72A. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk beteken—

- (a) “Direkteur van ’n Beroepsjagskool” ’n persoon wat ’n voorgeskrewe kursus aanbied of lei om voornemende beroepsjagters en jaguitrusters te onderrig of wat die vaardigheid van beroepsjagters of jaguitrusters evalueer;
- 20 (b) “jaguitruster” ’n persoon wat teen enige wyse of manier van vergoeding die jag van wilde diere of wildgeworde diere vir kliënte aanbied, reël of lei;
- (c) “kliënt” ’n persoon wat nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie, wat ’n ander persoon op enige wyse of manier vergoed vir, of in verband met, die jag van wilde of wildgeworde diere;
- 25 (d) “beroepsjagter” ’n persoon wat teen enige wyse of manier van vergoeding, aanbied of instem om ’n kliënt te begelei ten einde die kliënt in staat te stel om wilde diere of wildgeworde diere te jag, en
- (e) “wildgeworde diere” ’n dier van ’n huishoudelike faunaspesie, wat wild geword het.

30 Optrede as beroepsjagters, jaguitrusters en Direkteure van Professionele Jagskole

72B. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie en enige regulasie kragtens artikel 72G gemaak, mag ’n persoon nie optree as—

- (a) ’n beroepsjagter nie, of
- (b) ’n jaguitruster nie, of
- 35 (c) ’n Direkteur van ’n Beroepsjagskool nie,
- tensy in besit van ’n permit wat dié persoon magtig om dit te doen.
- (2) Die vereistes waaraan ’n beroepsjagter, ’n jaguitruster of ’n Direkteur van ’n Beroepsjagskool moet voldoen, is dié wat die [Direkteur] Raad van tyd tot tyd bepaal.
- (3) Die [Direkteur] Raad kan enigiemand van die bepalings van subartikel (1)
- 40 vrystel.

Jag van wilde diere of wildgeworde diere deur kliënt

72C. (1) ’n Kliënt mag nie ’n wilde dier of ’n wildgeworde dier jag nie, tensy—

- (a) die jagtog deur ’n jaguitruster gereël of gelei word, en
- (b) die kliënt deur ’n beroepsjagter begelei word.
- 45 (2) ’n Beroepsjagter wat ’n kliënt begelei, moet toesien dat die kliënt nie strydig met die bepalings van hierdie Ordonnansie jag nie en kan die kliënt enige wettige opdrag gee.
- (3) ’n Kliënt moet gehoor gee aan ’n opdrag wat ingevolge subartikel (2) gegee word.
- 50 (4) ’n Beroepsjagter kan terwyl hy of sy ’n kliënt begelei en indien dit nodig is om lewe of eiendom te verdedig of te voorkom dat ’n wilde dier of ’n wildgeworde dier onnodig ly, ’n wilde dier of ’n wildgeworde dier doodmaak.

Grondeienaar se verlot aan jaguitrusters

72D. Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, mag 'n jaguitruuster nie die jag van 'n wilde dier of 'n wildgeworde dier vir 'n kliënt aanbied of reël nie, tensy die jaguitruuster die houër is van skriftelike verlot van die eienaar van die grond waarop die jag aangebied of gereël word.

Verbode handeling

72E. 'n Persoon wat 'n jag beoog in hierdie Hoofstuk onder valse voorwendsels vir 'n kliënt aanbied, reël of lei, is skuldig aan 'n misdryf.

Advieskomitee

10 72F. Die [Direkteur] Raad kan raad inwin van 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse Beroepsjagkomitee.

Regulasies

72G. (1) Die [Administrateur] verantwoordelike Minister kan regulasies maak ten opsigte van beroepsjagters, jaguitrusters, Direkteure van Beroepsjagskole en die beheer en regulering van die jag van wilde diere of wildgeworde diere.

(2) Regulasies wat ingevolge subartikel (1) gemaak word, kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, strawwe oplê van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met beide 'n boete en sodanige termyn van gevangenisstraf.

20 Oortredings

72H. 'n Persoon wat die bepalings van artikel 72B, 72C of 72D oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met beide 'n boete en sodanige termyn van gevangenisstraf.

25

HOOFSTUK VII

ALGEMEEN EN AANVULLEND (arts 73-90)

Permitte ens. deur Raad uitgereik te word

73. Wanneer ook al enige permit, sertifikaat, skriftelike magtiging, vrystelling of lasgewing by enige bepaling van hierdie ordonnansie vereis word vir die wettige verrigting van enige handeling, kan sodanige permit, sertifikaat, skriftelike magtiging, vrystelling of lasgewing, tensy uitdruklik voorsiening gemaak word vir die uitreiking daarvan deur enige ander owerheid, op aansoek op die voorgeskrewe vorm, na goeë dunde deur die [Direkteur] Raad uitgereik word onderworpe aan die voorwaardes wat [hy] die Raad, òf in die algemeen òf spesiaal, nodig of wenslik ag met betrekking daartoe.

Geldigheidsduur van permitte ens.

74. Tensy anders bepaal in hierdie ordonnansie is enige permit, sertifikaat, skriftelike magtiging, lisensie of vrystelling, daarkragtens uitgereik geldig vir die tydperk daarin bepaal.

40 Intrekking van permitte ens. en verandering van voorwaardes met betrekking daartoe

75. (1) Die [Direkteur] Raad of 'n plaaslike owerheid kan te eniger tyd as dit na [sy] die mening van een van hulle in die belang van natuur [-en omgewings] bewaring nodig of wenslik is—

45 (a) enige permit, sertifikaat, skriftelike magtiging, lisensie, vrystelling of lasgewing (hierna in hierdie artikel "dokument" genoem) wat deur [hom]

- enigee van hulle ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie uitgereik is of waarvan die uitreiking aldus deur **[hom]** enigee van hulle gemagtig is, intrek, of
- 5 (b) in ooreenstemming met die bepalings van hierdie ordonnansie, die voorwaardes, indien daar is, waarop 'n dokument uitgereik is, wysig deur die skraping of vervanging van enige voorwaarde of die toevoeging van enige ander voorwaarde.
- (2) Met die oog op die uitoefening van enige bevoegdhede by subartikel (1) beoog, moet die **[Direkteur]** Raad of die betrokke plaaslike owerheid die houer van sodanige
- 10 dokument in kennis stel van sy besluit om sodanige bevoegdheid uit te oefen, **[of]** òf—
- (a) skriftelik, aan hom of haar persoonlik afgelewer of gepos per geregistreerde pos, behoorlik gefrankeer en geadresseer, na sy of haar jongste bekende besigheids- of woonadres, òf
- (b) mondeling deur bemiddeling van 'n natuur **[-en omgewings]** bewarings-beampte of -veldwagter onder **[sy]** of haar beheer.
- 15 (3) Die houer van sodanige dokument moet sodanige dokument aan die **[Direkteur]** Raad of plaaslike owerheid, na gelang van die geval, terugbesorg per **[aangetekende]** geregistreerde pos binne veertien dae na ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2)(a) of deur sodanige dokument te oorhandig aan die beampte of
- 20 veldwagter wat hom of haar verwittig van sodanige besluit soos by subartikel (2)(b) beoog.
- (4) Enige intrekking of wysiging ingevolge subartikel (1) van die voorwaardes in enige dokument bepaal, word van krag sodra die houer van die dokument ingevolge subartikel (2) van die betrokke besluit in kennis gestel word.
- 25 (5) In enige geval by subartikel (1)(b) beoog, kan die **[Direkteur]** Raad of die betrokke plaaslike owerheid na ontvangs van die betrokke dokument ingevolge subartikel (3), aan die houer van sodanige dokument 'n kopie van die oorspronklike daarvan uitreik waarin die voorwaardes, soos ingevolge subartikel (1) gewysig deur die **[Direkteur]** Raad of plaaslike owerheid, na gelang van die geval, opgeneem is.
- 30 (6) Wanneer enige dokument ingevolge subartikel (1)(a) ingetrek word, is die houer daarvan nie geregtig op die terugbetaling van enige geld of gedeelte daarvan wat ten opsigte van sodanige dokument deur hom of haar betaal is nie.

[Geen redes hoef verstrekk te word vir besluite geneem by die uitoefening van bevoegdhede kragtens ordonnansie nie]

- 35 **76. Niemand wat by enige bepaling van hierdie ordonnansie gemagtig word om enige permit, sertifikaat, skriftelike magtiging, vrystelling, lisensie of lasgewing uit te reik of in te trek, of om voorwaardes met betrekking daartoe te stel of te wysig, is verplig om aan enige ander persoon sy redes te verstrekk vir enige besluit deur hom geneem by die uitoefening van enige sodanige bevoegdheid nie].**

40 **Wysiging van Bylaes deur [Administrateur] verantwoordelike Minister**

77. (1) Die **[Administrateur]** verantwoordelike Minister kan te eniger tyd by proklamasie en met ingang van 'n datum in sodanige proklamasie bepaal, enige Bylae van hierdie ordonnansie uitgesonderd Bylae 6 vervang of wysig deur die skraping van enige spesie van fauna of flora in enige sodanige Bylae gespesifiseer of die toevoeging
- 45 van enige ander spesie van fauna of flora.
- (2) Enige wysiging ingevolge subartikel (1) kan van toepassing gemaak word ten opsigte van die Provinsie of enige gebied daarin in die betrokke proklamasie bepaal en òf onbepaald òf vir 'n tydperk aldus bepaal.
- (3) 'n Kopie van enige proklamasie ingevolge subartikel (1) uitgereik, word in die
- 50 Provinsiale **[Raad]** Parlement ter tafel gelê binne sewe dae vanaf die afkondiging van sodanige proklamasie as die Provinsiale **[Raad]** Parlement dan sit, of, as die Provinsiale **[Raad]** Parlement nie dan sit nie, binne sewe dae na die aanvang van **[sy]** die Parlement se eersvolgende sessie.

Jag- en hengelseisoene

- 55 **78. Die [Administrateur kan by proklamasie] Raad kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant ten opsigte van die Provinsie of enige gebied daarin in sodanige [proklamasie] kennisgewing bepaal—**

- (a) elke jaar die tydperk in sodanige jaar vasstel waartydens enige spesie van beskermde wilde dier in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, gejag kan word op gesag van 'n permit of lisensie in artikel 27(1)(a) genoem, of
- 5 (b) òf onbepaald òf vir 'n bepaalde tydperk, die tydperk in elke jaar vasstel waartydens enige spesie van vis in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, deur hengel gevang kan word op gesag van 'n lisensie in artikel 53 genoem.

Diverse bevoegdhede van **[Administrateur]** Raad

10 **79. Die [Administrateur kan by proklamasie] Raad kan by kennisgewing in die Provinsiale Koerant**, ten opsigte van die Provinsie of enige gebied daarin sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, en òf onbepaald òf vir 'n bepaalde tydperk—

- (a) die getal vasstel van enige spesie van beskermde wilde dier of van vis in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal wat behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie doodgemaak, gevange geneem of gevang kan word—
- 15 (i) in die geval van beskermde wilde diere, gedurende die tydperk wat een uur voor sonop begin en een uur na sononder eindig, en
- (ii) in die geval van vis, gedurende die tydperk van vier-en-twintig uur wat om middernag begin, op enige enkele dag;
- 20 (b) indien dit na **[sy]** die Raad se mening in die belang van natuur **[-en omgewings]** bewaring nodig of wenslik is en behoudens die voorwaardes wat **[hy]** die Raad goed dink, die toepassing van enige bepaling van artikel 29 of van enige ander bepaling van hierdie ordonnansie opskort vir sover sodanige bepaling betrekking het op enige spesie van fauna of flora in
- 25 sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal;
- (c) ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie, die jag van wilde diere of enige spesie van wilde dier of die vang van vis of enige spesie van vis verbied, beheer of beperk;
- 30 (d) enige spesie van wilde dier wat na **[sy]** die Raad se mening, omrede van sy voorkomssyfer in enige gebied of sy leefwyse of ander eienskappe, skadelik is vir enige ander spesie van wilde dier of enige eiendom, tot 'n probleem-wilde dier verklaar en die toepassing van enige bepaling van artikel 29 opskort vir sover dit betrekking het op sodanige dier in enige gebied in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal;
- 35 (e) die gevangeneming, besering, vernietiging, uitvoer, verkoop of aanskaffing op enige wyse van enige spesie van ongewerwede dier in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, verbied, beperk of reël;
- (f) die vervoer van enige wilde dier in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, verbied, beperk of reël;
- 40 (g) die gebruik, òf in die algemeen òf spesiaal, verbied of reël—
- (i) op enige binnelandse waters, van enige boot of vaartuig wat ontwerp of bedoel is vir aandrywing deur enige ander middel as menslike krag, of
- (ii) op die strande onderkant die hoogwaterlyn van enige binnelandse waters, van enige motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die
- 45 **[Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966)]** Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989);
- (h) ondanks enige andersluidende bepalings van enige regulasie kragtens artikel 82 gemaak—
- 50 (i) die gebruik verbied van enige gereedskap, instrument of toestel vir die uitgraaf van, of die bymeekaarmaak, vang of versameling van enige soort krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm, of enige gereedskap, instrument of toestel bepaal wat vir sodanige doel gebruik kan word;
- (ii) die gebruik van enige uitrusting vir die vang van vis of enige spesie van vis in enige binnelandse waters verbied of reël;
- 55 (iii) die verwydering van enige soort krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm, hetsy lewend of dood, wat in enige binnelandse waters gevang is, na ander binnelandse waters of die see verbied, beheer of reël, of
- (i) die pluk van flora of enige spesie van flora op enige wyse of deur enige middel in sodanige **[proklamasie]** kennisgewing bepaal, verbied, beheer of
- 60 reël.

Vrystellings

80. Die [Administrateur] Raad kan, indien dit na [sy] die Raad se mening nodig of wenslik is in die openbare belang of in die belang van natuur [-en omgewings] bewaring, skriftelik en onderworpe aan die voorwaardes en vir die tydperk wat [hy] die Raad vasstel, enige persoon vrystel van enige bepaling van hierdie ordonnansie vir sover sodanige bepaling betrekking het op enige gespesifiseerde spesie van fauna of flora.

Beskikking oor artikels kragtens ordonnansie gekonfiskeer of verbeur

81. Wanneer ook al enige artikel, dier of ding kragtens enige bepaling van hierdie ordonnansie gekonfiskeer is of verbeur is aan die [Administrasie] Raad—

(a) kan die eienaars daarvan, binne drie maande vanaf die datum van sodanige konfiskering of verbeuring, of, waar 'n geding in 'n hooggeregshof waarby sodanige konfiskering of verbeuring betrokke is, binne sodanige tydperk ingestel is, binne drie maande na uitspraak in sodanige geding, na gelang van die geval, by die [Administrateur] Raad aansoek doen om die teruggawe van sodanige artikel, dier of ding, en

(b) kan die [Administrateur] Raad—

(i) ingeval 'n aansoek by paragraaf (a) beoog gedoen word binne die betrokke tydperk by gemelde paragraaf beoog, sodanige artikel, dier of ding aan die eienaar daarvan teruggee;

(ii) na verstryking van die betrokke tydperk by paragraaf (a) beoog, op enige wyse wat [hy] die Raad goed dink (met inbegrip van die vervreemding daarvan of beskikking daarvoor) met enige sodanige artikel, dier of ding handel, en

(iii) indien sodanige artikel, dier of ding vervreem of daarvoor beskik is ingevolge subparagraaf (ii), die opbrengs van sodanige vervreemding of beskikking aan die eienaar van die betrokke artikel, dier of ding betaal.

Regulasies

82. (1) Die [Administrateur] verantwoordelike Minister kan regulasies maak—

(a) met betrekking tot die teruggawe van lisensies, permitte en vrystellings by die verstryking daarvan of wanneer dit deur 'n hof ingetrek word;

(b) vir die reëling of beperking van die gebruik van honde by die jag van enige wilde dier in enige gebied ten opsigte waarvan die toepassing van artikel 29(1) by [proklamasie] kennisgewing kragtens artikel 79(b) opgeskort is;

(c) vir die reëling of beperking van die gebruik van persone as drywers by die jag van wilde diere soos by artikel 27(3) beoog;

(d) vir die reëling of beperking van die getal of die spesies van wilde diere wat in gevangenskap of besit gehou kan word, en om die voorwaardes en wyse waarop enige sodanige wilde dier of spesie aldus gehou moet word, voor te skryf;

(e) vir die bepaling van maatreëls met betrekking tot die beheer, beperking of voorkoming van die aanteel van wilde diere wat in gevangenskap gehou of besit word;

(f) om die hou van boeke, state of fakture en die behoud daarvan te vereis deur persone wat—

(i) besigheid dryf deur flora, vis in binnelandse waters gevang of wilde diere te koop of te verkoop, of

(ii) wilde diere in gevangenskap hou of in besit daarvan is, en om die besonderhede te bepaal wat in sodanige boeke, state en fakture opgeteken moet word;

(g) om voorsiening te maak vir en vir die reëling van die plasing en hou onder kwarantyn van enige wilde dier of vis wat in die Provinsie ingevoer word;

(h) vir die vasstelling vir die toepassing van artikel 55(1)(b) van 'n grootte of massa ten opsigte van enige spesie van vis en vir die bepaling van die metodes wat gebruik moet word by die vasstelling van die grootte van vis;

(i) om voorsiening te maak vir die beskerming, bewaring en voortplanting van enige visvoedsel in binnelandse waters;

- (j) vir die reëling of beperking van of die verbod op die verkoop van vis wat gevang word of van enige soort krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm wat versamel word in enige binnelandse waters;
- 5 (k) om voorsiening te maak vir of vir die verbod op die gebruik in enige binnelandse waters van enige tipe gereedskap, instrument of toestel vir die uitgraaf of die bymekaarmaak, vang of versameling van enige soort krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm;
- (l) om voorsiening te maak vir en vir die reëling van die vervanging van grond en plantlewe wat verwyder word tydens die versameling van enige soort krap, krewel, potloodaas, skulpaas of wurm;
- 10 (m) om voorsiening te maak vir die beskerming van bakens, boeie, kennisgewings, kennisgewingborde, merke of ander tekens opgerig, gebruik of vereis vir die toepassing van hierdie ordonnansie;
- (n) om voorsiening te maak vir of vir die reëling van die doodmaak deur middel van gif van knaagdiere, insekte of enige voël in artikel 47(1)(b) genoem;
- 15 (o) om die gelde voor te skryf wat betaalbaar is ten opsigte van die uitreiking van lisensies, permitte, sertifikate, skriftelike magtigings of vrystellings kragtens hierdie ordonnansie;
- (p) met betrekking tot die vorms van lisensies, permitte, sertifikate of ander dokumente wat vir die toepassing van hierdie ordonnansie uitgereik of gebruik word;
- 20 (q) met betrekking tot enige aangeleenthede wat by regulasie voorgeskryf moet of kan word,
- en, in die algemeen, met betrekking tot enige aangeleentheid wat die **[Administrateur]** 25 **verantwoordelike Minister** nodig of dienstig ag om voor te skryf of te reël ten einde die oogmerke van hierdie ordonnansie te bevorder of te bereik, terwyl die algemeenheid van hierdie bepaling nie deur die voorafgaande paragrawe van hierdie subartikel beperk word nie.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) gemaak, kan van toepassing gemaak word 30 dwarsdeur die Provinsie of op of ten opsigte van verskillende gebiede, binnelandse waters of spesies van fauna of flora en kan, ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n straf voorskryf van 'n boete van hoogstens een duisend vyf honderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Beperking van aanspreeklikheid

35 **83.** Niemand, met inbegrip van die **[Administrasie]** Raad of 'n werknemer van die Raad en 'n plaaslike owerheid, is aanspreeklik vir enige skade gely deur enige ander persoon ten gevolge van enigiets wat te goeder trou gedoen is by die uitoefening of vervulling van enige bevoegdheid, plig of funksie verleen of opgelê by of kragtens hierdie ordonnansie nie.

40 Regsvermoedens

- 84.** (1) In enige vervolging kragtens hierdie ordonnansie—
- (a) word enige wilde dier, die karkas van enige sodanige dier of enige 45 vuurwapen met 'n loop van langer as honderd millimeter wat in of op enige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel gevind word of ten opsigte waarvan bewys word dat dit daarin of daarop was, vermoed, tensy die teendeel bewys word, in die besit te gewees het van die persoon in beheer van sodanige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel op die betrokke tyd;
- 50 (b) word enige persoon wat in besit van enige flora gevind word of ten opsigte van wie bewys word dat hy of sy in besit daarvan was, vermoed, tensy die teendeel bewys word, sodanige flora in stryd met die bepalings van hierdie ordonnansie te gepluk het of dit te gekoop het van 'n persoon nie by hierdie ordonnansie gemagtig om dit te verkoop nie;
- 55 (c) word enige persoon wat in besit van enige wilde dier gevind word of ten opsigte van wie bewys word dat hy of sy in besit daarvan was, vermoed, tensy die teendeel bewys word, sodanige dier op die betrokke tyd in gevangenskap te gehou het;
- (d) word enige persoon wat aangetref word terwyl hy of sy enige wilde dier of die karkas van enige sodanige dier uit enige strik, valstrik, vanggat, net,

- voëllym of ander dergelike toestel verwyder of ten opsigte van wie daar bewys word dat hy of sy dit aldus verwyder het, geag, tensy die teendeel bewys word, sodanige strik, valstrik, vanggat, net, voëllym of ander toestel te gestel of te berei het en die betrokke dier gevange te geneem het;
- 5 (e) word enige persoon wat aangetref word onderwyl hy of sy, terwyl hy of sy in beheer van 'n hond is, oortree op enige grond waarop wilde diere normaalweg aangetref word of ten opsigte van wie daar bewys word dat hy of sy aldus op sodanige grond oortree het, vermoed, tensy die teendeel bewys word, die wilde diere wat normaalweg op sodanige grond aangetref word, te geag het deur van sodanige hond gebruik te maak.
- 10 (2) Wanneer ook al—
- (a) 'n voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel gebruik word of is vir die doel van of in verband met die pleging van 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie;
- 15 (b) enige wilde dier, die karkas van sodanige dier of vis ten opsigte waarvan 'n misdryf gepleeg word of is kragtens hierdie ordonnansie, gevind word in of op 'n voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel of daarin of daarop was, of
- 20 (c) 'n wapen, lyn, gif, net of enige ander voorwerp wat gebruik kan word vir die jag van wilde diere of die vang van vis en wat gebruik word of is of 'n element uitmaak of uitgemaak het by die pleging van 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie, gevind word in of op 'n voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel of daarin of daarop was,
- word die eienaar van sodanige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel asook die persoon in beheer daarvan ten tyde van die pleging van die misdryf of op die tyd wanneer die wilde dier, karkas, vis of enige voorwerp by paragraaf (c) beoog, in of op sodanige voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel gevind word of daarin of daarop was, vermoed die betrokke misdryf te gepleeg het en kan hy of sy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonniss word tensy daar bewys word dat hy of sy nie sodanige misdryf gepleeg het en nie die pleging daarvan kon verhinder nie.

Misdrywe

85. Iedereen wat—
- 35 (a) enige bepaling van hierdie ordonnansie of enige regulasie gemaak of opdrag gegee of eis gedoen daarkragtens, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) enige dokument uitgereik of vereis vir die wettige verrigting van enige handeling ingevolge hierdie ordonnansie verander, vervaardig of vervals;
- (c) enige veranderde, vervaardigde of vervalste dokument by paragraaf (b) beoog, aanbied, gebruik, uitgee of in sy of haar besit het;
- 40 (d) onder 'n valse naam enige dokument by paragraaf (b) beoog, verkry;
- (e) onderwyl hy of sy by bevel van 'n hof verbied word om enige dokument ingevolge hierdie ordonnansie te verkry, sodanige dokument verkry of daarom aansoek doen;
- (f) die houer is van enige dokument kragtens hierdie ordonnansie uitgereik, waarby hy of sy gemagtig of gelas word om enige handeling te verrig of om enige handeling op 'n bepaalde wyse te verrig, en sodanige handeling verrig sonder dat hy of sy sodanige dokument in sy of haar besit het of op 'n ander wyse as dié aldus bepaal;
- 45 (g) versuim om te voldoen aan enige bepaling of voorwaarde waarop enige dokument kragtens hierdie ordonnansie aan hom of haar uitgereik is;
- (h) valslik voorgee dat hy of sy 'n natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte, natuur [-en omgewings] bewaringsveldwagter of 'n ere-natuur [-en omgewings] bewaringsbeampte is;
- 50 (i) enige beampte in paragraaf (h) genoem, hinder, dwarsboom of belemmer by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die vervulling van sy of haar funksies kragtens hierdie ordonnansie of sonder goeie gronde weier of versuim om op aanvraag sodanige beampte te voorsien van sy of haar naam en adres of van enige inligting of dokument deur sodanige beampte vereis vir die toepassing van hierdie ordonnansie of enige sodanige beampte voorsien van 'n valse naam en adres;
- 60 (j) terwyl hy of sy in besit is van 'n vuurwapen met 'n loop wat langer as

- honderd millimeter is of van enige strik, net, val, valstrik, voëllym, hof of ander middel wat bedoel is om gebruik te word of wat gebruik kan word vir die jag van wilde diere, oortree op grond waarop daar enige wilde dier is of waarskynlik kan wees;
- 5 (k) in besit gevind word van enige wilde dier of die karkas van enige sodanige dier of van enige aas in artikel 59 genoem en nie voldoende rekenskap kan gee van sodanige besit nie, of
- (l) wetens 'n valse verklaring doen in enige aansoek wat gedoen word of in enige ander dokument deur hom of haar voorsien ingevolge enige bepaling
- 10 van hierdie ordonnansie,
is aan 'n misdryf skuldig.

Strawwe

- 86.** (1) Iedereen wat skuldig bevind word aan 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie is, behoudens die bepalings van subartikel 2, strafbaar, in die geval van—
- 15 (a) 'n oortreding van artikel 29 of 44(1) waarby 'n bedreigde wilde dier betrokke is, 63(1) waarby bedreigde flora betrokke is, 14, 26, 32(1), 48, 50, 52(a), 57(a), 58(b), 60, 62(1), 72B of 85(i), met 'n boete van hoogstens een honderd duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en met 'n boete van
- 20 hoogstens drie maal die handelswaarde van enige bedreigde wilde dier of die karkas daarvan of enige bedreigde flora ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is;
- (b) 'n oortreding van artikel 27(1), 29, 31, 40, 41, 42(1), 44(1)(a), (b) of (e) of 46 waarby 'n olifant betrokke is, met 'n boete van hoogstens een honderd
- 25 duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en met 'n boete van hoogstens drie maal die handelswaarde van enige olifant of die karkas daarvan ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is;
- (c) 'n oortreding van artikel 27(1), 29, 31, 40, 41, 42(1), 44(1)(a), (b) of (e), 46 of 58(c) waarby enige ander beskermde wilde dier as 'n olifant betrokke is, 63(1) waarby beskermde of inheemse onbeskermde flora betrokke is, 64, 66 of 70, met 'n boete van hoogstens tien duisend rand of met gevangenisstraf
- 30 vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en met 'n boete van hoogstens drie maal die handelswaarde van enige sodanige beskermde wilde dier of die karkas daarvan of enige sodanige flora ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is;
- 35 en
- (d) enige ander misdryf ingevolge hierdie ordonnansie of enige oortreding van enige ander bepaling van hierdie ordonnansie ten opsigte waarvan geen uitdruklike straf voorgeskryf word nie, met 'n boete van hoogstens vyf
- 40 duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en met 'n boete van hoogstens drie maal die handelswaarde van enige wilde dier of die karkas daarvan of enige flora ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is.
- 45 (2) Waar 'n straf uitdruklik by regulasie voorgeskryf word vir 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan enige regulasie, is 'n persoon wat skuldig bevind word aan sodanige oortreding of versuim, net strafbaar met die straf aldus voorgeskryf.

Intrekking van sertifikate ens. en verbeuring van sekere artikels

- 87.** (1) Die hof wat enige persoon aan 'n misdryf kragtens hierdie ordonnansie
- 50 skuldig bevind—
- (a) kan 'n bevel uitreik dat enige sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling uitgereik aan sodanige persoon kragtens hierdie ordonnansie, ingetrek word indien na [sy] die Hof se mening die regte verleen by sodanige sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling
- 55 misbruik is deur sodanige persoon by die pleging van sodanige misdryf;

- (b) kan 'n bevel uitreik waarby sodanige persoon onbevoeg verklaar word om vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens drie jaar, enige bepaalde sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling kragtens hierdie ordonnansie te verkry, en
- 5 (c) (i) kan verklaar dat enige dier, voertuig, vaartuig, boot, vlot, lugvaartuig of ander vervoermiddel (hierna “vervoermiddel” genoem) en enige wapen, instrument, houer of ander ding (hierna “artikel” genoem) wat gebruik is vir die doel van of in verband met die pleging van die misdryf en wat aan die hof voorgelê is, aan die [Administrasie] Raad verbeur is; met dien verstande dat geen verklaring ingevolge hierdie subparagraaf 10 gedoen word ten opsigte van enige vervoermiddel of artikel in hierdie subparagraaf genoem nie indien die hof daarvan oortuig is dat die persoon wat skuldig bevind is ten tyde van die pleging van die misdryf nie die eienaar daarvan was nie en dat die eienaar daarvan nie die 15 gebruik daarvan deur die persoon wat skuldig bevind is, kon verhinder nie, en
- (ii) verklaar enige wilde dier of die karkas daarvan of enige flora ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is en wat aan die hof voorgelê is, aan die [Administrasie] Raad verbeurd.
- 20 (2) Die griffier of klerk van enige hof wat—
- (a) 'n bevel kragtens subartikel (1)(a) of (b) uitgereik het, stel die persoon of owerheid wat die betrokke sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling uitgereik het of wat, in die geval van 'n bevel kragtens subartikel (1)(b), gemagtig is om dit uit te reik, in kennis van sodanige bevel en van die vonnis wat opgelê is aan die persoon wat skuldig bevind is, of 25
- (b) 'n verklaring kragtens subartikel (1)(c) gedoen het, stel die [Direkteur] Raad in kennis van sodanige bevel en van die vonnis wat opgelê is aan die persoon wat skuldig bevind is en stuur ook die artikel of ding waarop die verklaring betrekking het, aan die [Direkteur] Raad vir beskikking daarvoor ingevolge 30 artikel 81.

Beskikking oor lisensiegelde, boetes en opbrengs van verkoop van artikels wat verbeurd verklaar is

88. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word alle gelde betaal ten opsigte van lisensies, permitte, sertifikate, skriftelike magtigings of vrystellings wat uitgereik 35 is, alle boetes opgelê ten opsigte van misdrywe en die opbrengs van die verkoop van enigiets wat aan die [Administrasie] Raad verbeurd verklaar is kragtens hierdie ordonnansie, [in die Provinsiale Inkomstefonds gestort] aan die Raad betaal.

(2) Alle gelde betaal ten opsigte van permitte uitgereik kragtens verordeninge deur 'n plaaslike owerheid gemaak en alle boetes betaal ten opsigte van oortredings van 40 sodanige verordeninge word in die inkomstefonds van die betrokke plaaslike owerheid gestort.

[Voorbehoude ten opsigte van Walvisbaai

88A. (1) Enige magtiging, permit (uitgesonderd 'n permit vir die invoer of uitvoer van wilde diere, vis of flora), lisensie, lasgewing, registrasie, goedkeuring, 45 toestemming, vrystelling of dokument bewerkstellig, gegee, verleen of uitgereik met betrekking tot wilde diere, vis of flora in Walvisbaai ingevolge of kragtens enige wet van krag in Walvisbaai onmiddellik voor die eerste dag van April 1978 en wat, as dit nie vir die herroeping van sodanige wet was nie, nog van krag sou gewees het in Walvisbaai op sodanige eerste dag, bly van krag in Walvisbaai op en 50 na sodanige eerste dag tot die datum waarop die geldigheid daarvan ingevolge sodanige wet sou verstryk het of tot die dertigste dag van September 1978, wat ook al die vroegste is, en word, terwyl dit aldus van krag bly, geag ingevolge hierdie ordonnansie bewerkstellig, gegee, verleen of uitgereik te gewees het.

(2) Enige persoon wat onmiddellik voor die eerste dag van April 1978 enige 55 handeling verrig of enige ding gedoen het met betrekking tot wilde diere, vis of flora in Walvisbaai waarvoor enige magtiging, permit, lisensie, lasgewing, registrasie, goedkeuring, toestemming, vrystelling of dokument—

- (a) nie vereis was nie ingevolge of kragtens die wet van krag in Walvisbaai onmiddellik voor sodanige eerste dag, en

(b) vereis word op of na sodanige eerste dag ingevolge hierdie ordonnansie, kan, gedurende die tydperk wat op die dertigste dag van September 1978 verstryk en ondanks die bepalings van hierdie ordonnansie, voortgaan om sodanige handeling te verrig of sodanige ding te doen sonder om die magtiging, permit, lisensie, lasgewing, registrasie, goedkeuring, toestemming, vrystelling of dokument by paragraaf (b) beoog te verkry of te besit.]

Herroeping van wette

89. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die wette in Bylae 6 bepaal, hierby herroep.

10 (2) Tensy anders in hierdie ordonnansie bepaal, word enige proklamasie, kennisgewing, regulasie, sertifikaat, lisensie, permit, toestemming, skriftelike magtiging of vrystelling uitgereik, gemaak, afgekondig, verleen, toegestaan of gegee en enige ander ding gedoen kragtens 'n wet herroep by subartikel (1) geag uitgereik, gemaak, afgekondig, verleen, toegestaan, gegee of gedoen te wees kragtens die ooreenstem-

15 mende bepaling van hierdie ordonnansie; met dien verstande dat—

- (i) geen permit of ander magtiging uitgereik of verleen aan enige persoon kragtens 'n wet by subartikel (1) herroep, waarby sodanige persoon gemagtig word om enige wilde dier in gevangenskap te hou, geldig bly vir 'n langer tydperk as drie maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie nie, en
- 20 (ii) enige regulasies deur 'n plaaslike owerheid gemaak kragtens 'n wet by subartikel (1) herroep, met betrekking tot die samestelling van 'n adviesraad aangestel ten opsigte van 'n natuurreservaat deur sodanige plaaslike owerheid gestig, geag word ooreenkomstig die bepalings van artikel 8(2) gewysig
- 25 te wees.

Kort titel en inwerkingtreding

90. Hierdie ordonnansie heet die Ordonnansie op Natuur [-en Omgewings] bewaring, 1974, en tree in werking op die eerste dag van September 1975.

BYLAE 1/SCHEDULE 1

BEDREIGDE WILDE DIERE/ENDANGERED WILD ANIMALS

(Die wetenskaplike name in die laaste kolom aangedui is die spesies van die klas of orde waaronder hulle voorkom./The scientific names shown in the last column are the species of the class or order under which they appear.)

<i>Volksnaam (Waar bekend)</i>	<i>Common name (Where known)</i>	<i>Wetenskaplike naam/ Scientific name</i>
	KLAS/CLASS: MAMMALIA Orde/Order: PHOLIDOTA	
Ietermago	African Scaly Ant-eater	<i>Manis temmincki</i>
	Orde/Order: CARNIVORA	
Jagluiperd	Cheetah	<i>Acinonyx jubatus</i>
	Orde/Order: PERISSODACTYLA	
Swartrenoster	Black Rhinoceros	<i>Diceros bicornis</i>
Witrenoster	Square-lipped Rhinoceros	<i>Ceratotherium simum</i>
Kaapse Bergkwagga	Cape Mountain Zebra	<i>Equus zebra zebra</i>
	Orde/Order: ARTIODACTYLA	
Oorbietjie	Oribi	<i>Ourebia ourebi</i>
	Orde/Order: LAGAMORPHA	
Rivierkonyn	Riverine Rabbit	<i>Bunolagus monticularis</i>
	KLAS/CLASS: AVES Orde/Order: CICONIFORMES	
Wildekalkoen	Bald Ibis	<i>Geronticus calvus</i>
	Orde/Order: FALCONIFORMES	
Lammergier	Bearded Vulture	<i>Gypaelus barbatus</i>
	Orde/Order: SPHENISCIFORMES Familie/Family: SPHENISCIDAE	
Alle pikkewyne	All penguins	
	KLAS/CLASS: AMPHIBIA Orde/Order: ANURA	
Gill se Platanna	Gill's Clawed Toad	<i>Xenopus gilli</i>
Miniatuurpadda	Micro Frog	<i>Microbatrachelia capensis</i> <i>Cacosternum capense</i>
	KLAS/CLASS: REPTILIA Orde/Order: TESTUDINATA	
Suurpootjie	Geometric Tortoise	<i>Psammobates geometricus</i> (= <i>Testudo geometrica</i>)
	KLAS/CLASS: PISCES Orde/Order: CYPRINIFORMES Familie/Family: CYPRINIDAE	
Oos-Kaapse Rooivlerkie	Eastern Cape Redfin	<i>Pseudobarbus afer</i>
Witvis	Whitefish	<i>Barbus andrewi</i>
Kleinskub-rooivlerkie	Smallscale Redfin	<i>Pseudobarbus asper</i>
Burchell se Rooivlerkie	Burchell's Redfin	<i>Pseudobarbus burchellii</i>
Bergrivier-rooivlerkie	Berg River Redfin	<i>Pseudobarbus burgi</i>
Clanwilliam-rooivlerkie	Clanwilliam Redfin	<i>Barbus calidus</i>
Clanwilliam-geelvis	Clanwilliam Yellow Fish	<i>Barbus capensis</i>
Tweerivier-rooivlerkie	Twee River Redfin	<i>Barbus erubescens</i>
Namakwa-ghieliementjie	Namaqua Barb	<i>Barbus hospes</i>
Goud-ghieliementjie	Gold Barb	<i>Barbus pallidus</i>
Lynvin-ghieliementjie	Straightfin Barb	<i>Barbus paludinosus</i>
Vurige Rooivlerkie	Fiery Redfin	<i>Pseudobarbus phlegethon</i>

Saagvin	Sawfin	<i>Barbus serra</i>
Slank Rooivlerkie	Slender Redfin	<i>Pseudobarbus tenuis</i>
Grens-ghieliemientjie	Border Barb	<i>Barbus trevelyani</i>
Driekol-ghieliemientjie	Threespot Barb	<i>Barbus trimaculatus</i>
Clanwilliam-sandvis	Clanwilliam Sandfish	<i>Labeo seeberi</i>
	Orde/Order: SILURIFORMES	
	Familie/Family: BAGRIDAE	
Barnard se Klipbaber	Barnard's Rock Catfish	<i>Austroglanis barnardii</i>
Clanwilliam-klipbaber	Clanwilliam Rock Catfish	<i>Austroglanis gilli</i>
Klipbaber	Rock Catfish	<i>Austroglanis sclateri</i>
	Orde/Order: PERCIFORMES	
	Familie/Family: ANABANTIDAE	
Oostelike Provinsiekurper	Eastern Province Rocky	<i>Sandelia bainsii</i>
Kaapse Kurper	Cape Kurper	<i>Sandelia capensis</i>
	KLAS/CLASS: INSECTA	
	Orde/Order: COLEOPTERA	
	Familie/Family: SCARABAEIDAE	
Kaapse Miskruier	Cape Dung Beetle	<i>Circellium bacchus</i>
	Familie/Family: LUCANIDAE	
Grootkaakkewer	Stag Beetle	Genus <i>Colophon</i>
Alle spesies	All species	
	KLAS/CLASS: ONYCHOPHORA	
	Familie/Family: PERIPATOPSIDAE	
<i>Onychophora</i>	<i>Onychophora</i>	Genus <i>Peripatopsus</i> en/
Alle spesies	All species	and Genus <i>Opisthopatus</i>

BYLAE 2/SCHEDULE 2

BESKERMDE WILDE DIERE/PROTECTED WILD ANIMALS

(Die wetenskaplike name in die laaste kolom aangedui is die families of spesies van die klas of orde waaronder hulle voorkom./The scientific names shown in the last column are the families or species of the class or order under which they appear.)

<i>Volksnaam</i> <i>(Waar bekend)</i>	<i>Common name</i> <i>(Where known)</i>	<i>Wetenskaplike naam/</i> <i>Scientific name</i>
	KLAS/CLASS: MAMMALIA	
	Orde/Order: INSECTIVORA	
Klaasneus	Elephant Shrew	Familie/Family: MACROSCOLIDIDAE
Skeerbekmuise	Shrews	Familie/Family:SORICIDAE
Krimpvarkie	Hedgehog	<i>Erinaceus frontalis</i>
	Orde/Order: PRIMATES	
Nagapie	Bush-baby	<i>Galago senegalensis</i>
Samango-aap	Samango Monkey	<i>Cercopithecus mitis</i>
	Orde/Order: CHIROPTERA	
Alle vlermuise behalwe	All bats except	
Vrugtevlermuise van die	Fruit Bats of the	
familie PTEROPODIDAE	family PTEROPODIDAE	
	Orde/Order: CARNIVORA	
Leeu	African Lion	<i>Panthera leo</i>
Luiperd	Leopard	<i>Panthera pardus</i>
Miershooptier	Black-footed Cat	<i>Felis nigripes</i>
Tierboskat	Tierboskat	<i>Felis serval</i>
Maanhaarjakkals	Aardwolf	<i>Proteles cristatus</i>
Strandwolf	Brown Hyaena	<i>Hyaena brunnea</i>

Ratel	Honey Badger	<i>Mellivora capensis</i>
Silwerjakkals	Silver Jackal	<i>Vulpes chama</i>
Bakoorjakkals	Bat-eared Fox	<i>Olocyon megalotis</i>
Slangmuishond	Snake Mongoose	<i>Poecilogale albinucha</i>
	Orde/Order: PROBOSCIDEA	
Olifant	African Elephant	<i>Loxodonta africana</i>
	Orde/Order: HYRACOIDEA	
Boomdassie	Tree Dassie	<i>Dendrohyrax arboreus</i>
	Orde/Order: TUBULIDENTATA	
Erdvark	Ant-bear	<i>Orycteropus afer</i>
	Orde/Order: PERISSODACTYLA	
Bontkwagga	Burchell's Zebra	<i>Equus burchelli</i>
Suidwes-bergkwagga	Hartmann's Zebra	<i>Equus zebra hartmannae</i>
	Orde/Order: ARTIODACTYLA	
Vlakvark	Warthog	<i>Phacochoerus aethiopicus</i>
Seekoei	Hippopotamus	<i>Hippopotamus amphibius</i>
Kameelperd	Giraffe	<i>Giraffa camelopardalis</i>
	Orde/Order: ARTIODACTYLA (cont.)	
Klipspringer	Klipspringer	<i>Oreotragus oreotragus</i>
Duiker	Grey Duiker	<i>Sylvicapra grimmia</i>
Bloubokkie	Blue Duiker	<i>Cephalophus monticola</i>
Steenbok	Steenbok	<i>Raphicerus campestris</i>
Grysbok	Grysbok	<i>Raphicerus melanotis</i>
Vaalribbok	Grey Rhebuck	<i>Pelea capreolus</i>
Koedoe	Kudu	<i>Tragelaphus strepsiceros</i>
Bosbok	Bush-buck	<i>Tragelaphus scriptus</i>
Rooibok	Impala	<i>Aepyceros melampus</i>
Rietbok	Reed-buck	<i>Redunca arundinum</i>
Rooiribbok	Mountain Rhebuck	<i>Redunca fulvorufula</i>
Springbok	Springbok	<i>Antidorcas marsupialis</i>
Gemsbok	Oryx	<i>Oryx gazella</i>
Eland	Eland	<i>Taurotragus oryx</i>
Buffel	African Buffalo	<i>Syncerus caffer</i>
Blouwildebees	Blue Wildebeest	<i>Connochaetes taurinus</i>
Swartwildebees	Black Wildebeest	<i>Connochaetes gnou</i>
Rooihartbees	Red Hartebeest	<i>Alcelaphus buselaphus</i>
Bontebok	Bontebok	<i>Damaliscus dorcas dorcas</i>
Blesbok	Blesbok	<i>Damaliscus dorcas phillipsi</i>
	KLAS/CLASS: AMPHIBIA	
	Orde/Order: ANURA	
Alle paddas behalwe dié In Bylae 1 bepaal.	All frogs and toads except those specified in Schedule 1.	
	KLAS/CLASS: REPTILIA	
	Orde/Order: LACERTILIA	
Alle akkedisse	All lizards	
	Orde/Order: TESTUDINATA	
Alle skilpaaie en waterskilpaaie behalwe dié in Bylae 1 bepaal.	All tortoises and turtles except those specified in Schedule 1.	
	Orde/Order: SQUAMATA	
	Suborde/Sub-order: SERPENTES	
	Familie/Family: COLUBRIDAE	
Waterslange	Water Snakes	<i>Genus Lycodonomorphus</i>
Huisslange	House Snakes	<i>Genus Lamprophis</i>
Wolfslange	Wolf Snakes	<i>Genus Lycophidion</i>

Vylslange	File Snakes	<i>Genus Mehelya</i>
Slakvreters	Slug-eaters	<i>Genus Duberria</i>
Eiervreters	Egg-eaters	<i>Genus Dasypeltis</i>
Molslange	Mole Snakes	<i>Genus Pseudaspis</i>
Groen- en Bosslange	Green and Bush Snakes	<i>Genus Philothamnus</i>
Graafneuslange	Shovel-snout snakes	<i>Genus Prosymna</i>
	KLAS/CLASS: AVES	
Alle voëls behalwe— (1) dié in Bylae 1 bepaal, en	All birds except— (1) those specified in Schedule 1, and	
(2) die volgende:— Alle Muisvoëls	(2) the following:— All Colies	Familie/Family: COLIIDAE
Alle Kraaie	All Crows	Familie/Family: CORVIDAE
Swartoog-tiptol	Black-eyed Bulbul	<i>Pycnonotus barbatus</i>
Kaapse Tiptol	Cape Bulbul	<i>Pycnonotus capensis</i>
Rooioog-tiptol	Red-eyed Bulbul	<i>Pycnonotus nigricans</i>
Kaapse Mossie	Cape Sparrow	<i>Passer melanurus</i>
Engelse Mossie	European Sparrow	<i>Passer domesticus</i>
Rietvink	Masked Weaver	<i>Ploceus velatus</i>
Geelvink	Cape Weaver	<i>Ploceus capensis</i>
Kaapse [Kaffervink] Flap	[Cape Widow-bird] Yellow rumped widow	<i>Euplectes capensis</i>
Rooi [kaffer]vink	Red Bishop[-bird]	<i>Euplectes orix</i>
Europese Spreeu	European Starling	<i>Sturnus vulgaris</i>
Rooibekvink	Red-billed Quelea	<i>Quelea quelea</i>
Rooivlerkspreu	Red-winged Starling	<i>Onychognathus morio</i>
Alle uitheemse voëls, uitgesonderd—	All exotic birds other than—	
Uitheemse voëls van die orde ANSERIFORMES.	Exotic birds of the order ANSERIFORMES.	
'Bobwhite'- kwartel	Bobwhite Quail	<i>Colinus virginianus</i>
Chukarpatrys	Chukar Partridge	<i>Alectoris graeca</i>
Andamanse Spreeu	Andaman Mynah	<i>Sturnus erythropygius</i> <i>andamanensis</i>
Pagodaspreeu	Pagoda Mynah	<i>Sturnus pagodarum</i>
Malabaarse Spreeu	Malabar Mynah	<i>Sturnus malabaricus</i>
Mandarynspreu	Mandarin Mynah	<i>Sturnus sinensis</i>
Rivierspreu	Bank Mynah	<i>Acridotheres ginginianus</i>
Indiese Spreeu	Common Mynah	<i>Acridotheres tristis</i>
Groot Bergspreeu	Greater Hill Mynah	<i>Gracula religiosa religiosa</i>
Klein Bergspreeu	Lesser Hill Mynah	<i>Gracula religiosa indica</i>
	KLAS/CLASS: INSECTA	
	Orde/Order: LEPIDOPTERA	
	Familie/Family: LYCAENIDAE	
—	—	<i>Aloeides egerides</i> (Riley)
—	—	<i>Aloeides lutescens</i> Tite and/en Dickson
Leeukopkopervlerkie	Autumn Copper, Lion's Head Copper	<i>Argyrocupha malagrida</i> <i>malagrida</i> (Wallengren)
Wynlandblouetjie	Wineland Blue	<i>Lepidochrysops bacchus</i> Riley
Dickson se kopervlerkie	Dickson's Copper	<i>Oxychaeta dicksoni</i> (Gabriel)
—	—	<i>Poecilmitis endymion</i> Pennington
Tsomorivierkopervlerkie	Tsomo River Copper	<i>Poecilmitis lyncurium</i> (Trimen)
Bloujuweelkopervlerkie	Blue Jewel Copper	<i>Poecilmitis nigricans</i> <i>Aurivillius</i>

—	—	<i>Poecilmitis rileyi</i> Dickson
Dickson se skollie	Dickson's Thestor	<i>Thestor dicksoni dicksoni</i>
Kaplan se skollie	Kaplan's Thestor	Riley
Wallengren se kopervlerkie	Wallengren's Copper	<i>Thestor kaplani</i> Dickson and/en Stephen
		<i>Trimenia wallengrenii</i> (Trimen)
	Familie/Family: HESPERIIDAE	
Bamboeswaksertjie	Bamboo Sylph	<i>Metisella syrinx</i> (Trimen)
Dickson se waksertjie	Dickson's Sylph	<i>Tsitana dicksoni</i> Evans
	Familie/Family: NYMPHALIDAE	
Boskoningdubbelstert	(Western) Forest Emperor, Forest King Charaxes	<i>Charaxes xiphares xiphares</i> <i>f. occidentalis</i> van Son
	Familie/Family: SATYRIDAE	
Dickson se bruintjie	Dickson's Brown	<i>Stygionympha dicksoni</i> (Riley)
	Familie/Family: HEPIALIDAE	
Keurboomspookmot	Silver-spotted Ghost Moth	<i>Leto venus</i> Stoll

BYLAE 3/SCHEDULE 3

BEDREIGDE FLORA/ENDANGERED FLORA

Die wetenskaplike name in die derde kolom aangedui is die spesies van die familie waaronder hulle voorkom./The scientific names shown in the third column are the species of the family under which they appear.)

<i>Volksnaam (Waar bekend)</i>	<i>Common name (Where known)</i>	<i>Wetenskaplike naam/ Scientific name</i>
	Familie/Family: APOCYNACEAE	
Halfmens		<i>Pachypodium namaquanum</i>
	Familie/Family: GESNERIACEAE	
	Cape Gloxinia	<i>Charadrophila capensis</i>
	Familie/Family: LILIACEAE	
		<i>Aloe pillansii</i> <i>Aloe buhrii</i> <i>Aloe erinacea</i>
	Familie/Family: PROTEACEAE	
		<i>Mimetes capitulatus</i> <i>Mimetes hottentoticus</i> <i>Mimetes stokoei</i> <i>Orothamnus zeyheri</i> <i>Protea odorata</i>
Vleiroos	Mountain Rose	
	Familie/Family: STANGERIACEAE	
Bobbejaankos		<i>Stangeria eriopus</i>
	Familie/Family: ZAMIACEAE	
Broodboom	Cycad	<i>Encephalartos</i> spp.

BYLAE 4/SCHEDULE 4

BESKERMDE FLORA/PROTECTED FLORA

Die wetenskaplike name in die derde kolom aangedui is die spesies van die familie waaronder hulle voorkom./The scientific names shown in the third column are the species of the family under which they appear.)

<i>Volksnaam (Waar bekend)</i>	<i>Common name (Where known)</i>	<i>Wetenskaplike naam/ Scientific name</i>
	Familie/Family: AMARYLLIDACEAE Alle spesies/All species	
Alle spesies behalwe dié in Bylae 3 bepaal.	Familie/Family: APOCYNACEAE All species except those specified in Schedule 3.	<i>Pachypodium</i> spp.
Waterhout	Familie/Family: AQUIFOLIACEAE Cape Holly	<i>Ilex mitis</i>
Geelvarkblom	Familie/Family: ARACEAE Yellow Arum Lily	<i>Zantedeschia elliotiana</i>
	Familie/Family: ASCLEPIADACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: BORAGINACEAE	<i>Echiostachys spicatus</i>
	Familie/Family: BRUNIACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: COMPOSITAE	<i>Senecio coleophyllus</i> <i>Cotula duckittiae</i>
Koesnaatjie	Familie/Family: CRASSULACEAE Red Crassula Pointed-leaf Crassula	<i>Crassula columnaris</i> <i>Crassula falcata</i> <i>Crassula perfoliata</i> <i>Crassula pyramidalis</i> <i>Kalanchoe thyrsoiflora</i> <i>Rochea coccinea</i>
Klipblom, ook bekend as Keiserskroon.	Red Crassula	
Rooi-els	Familie/Family: CUNONIACEAE	<i>Cunonia capensis</i> <i>Platylophus trifoliatus</i>
Skilpad Olifantsvoet	Familie/Family: DIOSCOREACEAE Elephant's Foot	<i>Testudinaria sylvatica</i> <i>Testudinaria elephantipes</i>
	Familie/Family: ERICACEAE Alle spesies/Alle spesies	
Eselkos of Pol [Kafferhut] <u>Vetmense</u>	Familie/Family: EUPHORBIACEAE [Kaffir Hut] <u>Vetmense</u>	<i>Euphorbia bupleurtfolia</i> <i>Euphorbia fasciculata</i> <i>Euphorbia globosa</i> <i>Euphorbia horrida</i> <i>Euphorbia meloformis</i> <i>Euphorbia obesa</i> <i>Euphorbia schoenlandii</i>

[Kafferhut] <u>Vetmense</u>	[Kaffir Hut] <u>Vetmense</u>	<i>Euphorbia symmetrica</i> <i>Euphorbia valida</i>
	Familie/Family: GEISSOLOMACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: GESNERIACEAE Cape Primrose, also known as Rexia, Nodding Bells, Twin Sisters or Wild Gloxinia.	Alle spesies van die genus <i>Streptocarpus</i> All species of the genus <i>Streptocarpus</i>
Bergbamboes Wilde Rog	Familie/Family: GRAMINEAE Mountain Bamboo Wild Rye Grass	<i>Arundinaria tessellata</i> <i>Secale africanum</i>
	Familie/Family: GRUBBIACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: IRIDACEAE Alle spesies/All species	
Tamboekiedoring	Familie/Family: LEGUMINOSAE Tambookie Thorn	<i>Erythrina acanthocarpa</i> <i>Erythrina humeana</i>
Klipblom Geelkoppie	Orange Nodding Head, also known as Mountain Dahlia.	<i>Liparia comantha</i> <i>Liparia sphaerica</i>
Keurtjie	Wild Sweet Pea	<i>Liparia splendens</i> <i>Podalyria calyprata</i>
Silwerertjie	Silver Pea	<i>Priestleya vestita</i> <i>Silver Pea Priestleya</i> <i>tomentosa</i>
	Familie/Family: LILIACEAE	
Alle spesies van die genus ALOE behalwe dié in Bylae 3 bepaal en die spesie <i>Aloe ferox</i> ./All species of the genus ALOE except those specified in Schedule 3 and the species <i>Aloe ferox</i> .		
	Gloriosa Lily, also known as Turk's Cap. Haworthia, also known as Window Plant.	<i>Gasteria beckeri</i> <i>Gloriosa superba</i> Alle spesies van die genus <i>Haworthia</i> All species of the genus <i>Haworthia</i>
Vuurpyl	Red-hot Poker	Alle spesies van die genus <i>Kniphofia</i> All species of the genus <i>Kniphofia</i>
Violtjies		Alle spesies van die genus <i>Lachenalia</i> All species of the genus <i>Lachenalia</i>
Geelklokkie	Climbing Bells Christmas Bells	<i>Littonia modesta</i> <i>Sandersonia aurantiaca</i>
	Forest Lily	Alle spesies van die genus <i>Veltheimia</i> All species of the genus <i>Veltheimia</i> <i>Agapanthus walshii</i> <i>Daubenya aurea</i>

Klapperbos	Familie/Family: MELIACEAE Chinese Lantern	<i>Nymania capensis</i>
	Familie/Family: MESEMBRYANTHEMACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: MUSACEAE	Alle spesies van die genus <i>Strelitzia</i> All species of the genus <i>Strelitzia</i>
Blou Waterlelie, ook bekend as Kaaimanblom.	Familie/Family: NYMPHAEACEAE Blue Water-lily	<i>Nymphaea capensis</i>
	Familie/Family: ORCHIDACEAE Alle spesies/All species	
Watersuring	Familie/Family: OXALIDACEAE	<i>Oxalis nutans</i>
Kludoring (Duiwelsklou)	Familie/Family: PEDALIACEAE	<i>Harpagophytum procumbens</i> (Prok. 240/75-17/6/75)
	Familie/Family: PENAEACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: POLYGALACEAE	<i>Muraltia minuta</i>
Vrouehaar	Familie/Family: POLYPODIACEAE Maidenhair Fern	Alle spesies van die genus <i>Adiantum</i> All species of the genus <i>Adiantum</i>
Boomvarings	Tree Ferns	<i>Hemitelia capensis</i>
Seweweeksvaring	Seven Weeks Fern	<i>Polystichum adiantiforme</i>
Hasieskos	Familie/Family: PORTULACACEAE Love-plant	Alle spesies van die genus <i>Anacampseros</i> All species of the genus <i>Anacampseros</i>
	Familie/Family: PROTEACEAE	
Alle spesies behalwe dié in Bylae 3 bepaal./All species except those specified in Schedule 3.		
Anemoon	Familie/Family: RANUNCULACEAE Anemone	<i>Anemone capensis</i>
	Familie/Family: RESTIONACEAE	Alle spesies van die genus <i>Chondropetalum</i> All species of the genus <i>Chondropetalum</i> <i>Acockii pillans</i> <i>Elegia fenestrata</i> <i>Restio acockii</i> <i>Restio micans</i> <i>Restio sabulosus</i>

	Familie/Family: RETZIACEAE	<i>Retzia capensis</i>
	Familie/Family: RHAMNACEAE	<i>Phylica pubescens</i>
	Familie/Family: RORIDULACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: RUTACEAE Alle spesies/All species	
	Familie/Family: SCROPHULARIACEAE	Alle spesies van die genus <i>Diascia</i> All species of the genus <i>Diascia</i>
Inkblom	Harveya	Alle spesies van die genus <i>Harveya</i> All species of the genus <i>Harveya</i>
Rooileebekkie	Nemesia	<i>Nemesia strumosa</i> Alle spesies van die genus <i>Halleria</i> All species of the genus <i>Halleria</i>
	Familie/Family: THYMELAEACEAE	<i>Lachnaea aurea</i>

BYLAE 5/SCHEDULE 5

SKADELIKE WATERGEWASSE/NOXIOUS AQUATIC GROWTHS

<i>Volksnaam (Waar bekend)</i>	<i>Common name (Where known)</i>	<i>Wetenskaplike naam/ Scientific name</i>
<i>Waterhiasint</i>	<i>Water Hyacinth</i>	<i>Eichhornia</i> spp.
Duisendblaar	Parrot's Feather	<i>Myriophyllum</i> spp.
Watervaring	Water Fern	<i>Salvinia</i> spp.

BYLAE 6/SCHEDULE 6

ORDONNANSIES HERROEP

<i>No. en Jaar</i>	<i>Kort titel</i>
26 van 1965	Ordonnansie op Natuurbewaring, 1965.
16 van 1967	Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring, 1967.
30 van 1968	Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring, 1968.
32 van 1970	Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring, 1970.

BYLAE 2

WET	WYSIGING VAN WET
<p>Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), soos opgedra ingevolge Proklamasie no. R.29, 1995 van 7 April 1995.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Wysiging van artikel 1— deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “<i>Provinsie</i>” in te voeg: “ ‘Raad’ ” die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ingevolge artikel 2 van die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (Wet 15 van 1998) ingestel;”. 2. Wysiging van artikel 16— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur in subartikels (1)(a), (1A) en (6) die woorde “ ’n Bevoegde gesag” deur die woorde “Die Raad” te vervang; (b) deur in subartikels (1)(b) (4) en (5) die woorde “bevoegde gesag” deur die woord “Raad” te vervang, en (c) deur in subartikel (1)(b) die woorde “Direkteur-generaal van daardie provinsie” deur die woorde “hoof uitvoerende beampte van die Raad” te vervang. 3. Wysiging van artikel— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur in subartikels (1) en (4) die woorde “ ’n Bevoegde gesag” en “ ’n bevoegde gesag” onderskeidelik deur die woorde “Die Raad” en die “Die Raad” te vervang; (b) deur in subartikels (2), (3)(a) en (b), (5) en (6) die woorde “bevoegde gesag” deur die woord “Raad” te vervang; (c) deur in die Engelse teks in die voorbehoudsbepaling van subartikel (6) die woord “his” deur die woord “its” te vervang, en (d) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang: “(7) Die hoof uitvoerende beampte van die Raad wys soveel van die Raad se werknemers aan as wat nodig is om ’n bestuursadvieskomitee met die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die komitee by te staan: Met dien verstande dat waar die beheer en bestuur van ’n beskermde natuuumgewing kragtens artikel 16(6), aan ’n ander plaaslike owerheid of owerheidsinstelling opgedra is, die hoof uitvoerende beampte van daardie plaaslike owerheid of owerheidsinstelling soveel werknemers van die betrokke plaaslike owerheid of owerheidsinstelling aanwys as wat nodig is om ’n bestuursadvieskomitee met genoemde administratiewe werk by te staan: Met dien verstande voorts dat met die goedkeuring van die Raad, daardie Administratiewe werk deur enige persoon behalwe so

WET	WYSIGING VAN WET
	<p>'n werknemer verrig kan word teen die besoldiging en toelaes wat die bevoegde gesag met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.”.</p> <p>4. Wysiging van artikel 28A— deur in subartikels (1), (2), (3), (4) en (5) die woorde “ ’n bevoegde gesag” deur die woorde “die Raad” te vervang.</p> <p>5. Wysiging van artikel 32— (a) deur in subartikel (1) na die woorde “ ’n bevoegde gesag” die woorde “die Raad” in te voeg, en (b) deur in subartikel (3) na die woorde “bevoegde gesag” die woord “Raad” in te voeg.</p> <p>6. Artikel 35 word in subartikel (2) gewysig deur die woorde “beampte of werknemer” deur die woorde “werknemer van die Raad” te vervang.</p> <p>7. Wysiging van artikel 41A— deur in subartikel (1) na die woorde “ ’n bevoegde gesag” die woorde “of die Raad” in te voeg.</p>

BYLAE 3

WET	WYSIGING VAN WET
Die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), soos opgedra in-gevolge Proklamasie No. R.27, 1995 van 7 April 1995.	<ol style="list-style-type: none"> <li data-bbox="691 300 1262 539">1. Artikel 1 van die Wet word gewysig deur na die omskrywing van “provinsie” die volgende omskrywing in te voeg: “ ‘Raad’ die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ingevolge artikel 2 van die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (Wet 15 van 1998) ingestel;”. <li data-bbox="691 539 1262 645">2. Artikel 3 van die Wet word gewysig deur die woord “Minister” oral waar dit voorkom deur die woord “Raad” te vervang. <li data-bbox="691 645 1262 965">3. Artikel 11 van die Wet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: “(1) Die Raad kan die bevoegdhede by artikel 3(1) of (2) aan hom verleen, aan enige van sy werknemers delegeer, maar word nie daardeur sy aldus gedelegeerde bevoegdhede ontnem nie, en kan ’n beslissing van dié werknemer wysig of intrek.”.

BYLAE 4

WET	WYSIGING VAN WET
<p>Wet op Bergopvanggebiede, 1970 (Wet 63 van 1970), soos opgedra ingevolge Proklamasie no. R.28, 1995 van 7 April 1995.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Wysiging van die Wet— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur in artikels 6 (uitgesonderd subartikel (3)(b)), 7, 9, 10 en 12 die woord “Minister” deur die woord “Raad” te vervang, en (b) in die Engelse teks, waar toepaslik in enige van die artikels in paragraaf (a) bedoel, deur die woord “him” deur die woord “it” te vervang. 2. Wysiging van artikel 1— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “provinsie” in te voeg: <p>“ ‘Raad’ die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ingevolge artikel 2 van die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (Wet 15 van 1998) ingestel;”, en</p> (b) deur die omskrywing van “Direkteur-generaal” te skrap. 3. Deur artikel 2A deur die volgende artikel te vervang: <p>“Die Raad kan vir die doeleindes van die omskrywing van ’n gebied deur hom kragtens artikel 2, bakens op die betrokke grond laat aanbring op plekke deur die Raad aangewys.”.</p> 4. Wysiging van artikel 6— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur in die Engelse teks in subartikel (2)(c) die woord “chairman” deur die woord “chairperson” te vervang, en (b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang: <p>“(7) Indien ’n lid van ’n adviserende komitee—</p> <ol style="list-style-type: none"> (a) bedank; (b) sonder toestemming van die voorsitter van die betrokke adviserende komitee van twee agtereenvolgende vergaderings van daardie komitee afwesig is, of (c) kragtens artikel (5) van die amp ontslaan word, <p>moet daardie lid sy of haar amp ontruim.”.</p> 5. Wysiging van artikel 8— <ol style="list-style-type: none"> (a) deur in subartikel (1) die woord “Direkteur-generaal” deur die woord “Raad” te vervang, en (b) deur in subartikel (3) die woord “Direkteur-generaal” deur die woord “Raad” te vervang, en in die Engelse teks, deur die woorde “he deems” en “known to him” in paragraaf (b) van daardie subartikel onderskeidelik deur die woorde “it deems” en “known to it” te vervang.

WET	WYSIGING VAN WET
	<p>6. Wysiging van artikel 9 deur die woord “Direkteur-generaal” deur die woord “Raad” te vervang.</p> <p>7. Artikel 17 word hierby deur die volgende artikel vervang:</p> <p>“Die Raad kan al die bevoegdhede wat hierdie Wet aan hom verleen of een of meer daarvan, met uitsondering van die bevoegdhede in artikel 2A bedoel, aan enige van sy werknemers deleger.”.</p>

VERKLARENDE MEMORANDUM
WYSIGINGSWETSONTWERP OP NATUURBEWARINGSWETTE

1. Die Wysigingswetsontwerp het twee hoofogmerke. Hulle is—
 - (a) om die Wes-Kaapse Wet op Natuurbewaring, 1998 (Wet 15 van 1998) te wysig, en
 - (b) om die wette wat tans in Bylae 1 van Wet 15 van 1998 gelys is, te wysig ten einde die administrasie daarvan effektief oor te dra aan die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ("die Raad").
2. Die wysigings bedoel in 1(a) sal vervolgens klousule vir klousule bespreek word.
3.
 - (a) Die wysigings bedoel in 1(b) het nodig geword vanweë die Senior Staatsregsadviseur se bevinding dat die meganisme vir die oordrag van die administrasie van die betrokke wette (artikel 9(1) van Wet 15 van 1998), regtens gebrekkig is.
 - (b) Hierdie wysigings verander nie die beginsel wat in die bestaande artikel 9(1) van Wet 15 van 1998 verorden is nie, dit wil sê, dat die administrasie van die betrokke wette na die Raad oorgedra moet word.
 - (c) Wesentlik behels die wysigings van hierdie wette 'n verandering van funksionaris wat die betrokke bevoegdheid uitoefen of die betrokke plig of funksie verrig. Byvoorbeeld, in die Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), word baie van die bevoegdhede, pligte en funksies van die voormalige Administrateur (tans die verantwoordelike Minister) nou die Raad s'n.
4.
 - (a) Klousule 1
Hierdie klousule vervang 'n gewysigde Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1974 om die oordrag van die administrasie van daardie Ordonnansie aan die Raad te bewerkstellig. Daarbenewens is die Ordonnansie gewysig om dit tot natuurbewaring te beperk. Ander wysigings sluit in die skraping van talle verouderde artikels, die hersiening van verwysings na ander verordenings wat al vervang is en die inagneming van die konsep van nie-seksistiese wetsopstelling.
 - (b) Klousule 2
Hierdie klousule wysig die Wet op Omgewingsbewaring, 1973, die Strandwet, 1935 en die Wet op Bergopvanggebiede, 1970, vir soverre hulle aan die provinsie opgedra is, om die administrasie daarvan aan die Raad oor te dra.
 - (c) Klousule 3
Hierdie klousule voeg 'n nuwe woordomskrywing in, dit wil sê van "Departement", en skrap die omskrywing van "provinsiale administrasie". Dit het nodig geword vanweë die nuwe staatsdiensopset (vanaf 1 Julie 1999), wat statutêre erkenning aan provinsiale departemente verleen.
 - (d) Klousule 4
Hierdie klousule wysig artikel 2 van Wet 15 van 1998 deur die getal Raadslede van nege tot twaalf te vermeerder. Dit sal 'n meer verteenwoordigende en doeltreffende Raad moontlik maak. Daar word reeds voorsien dat die Raad ten minste ses subkomitees sal moet instel om met alle sake van die Raad te handel en na goeie aanbevelings aan die volle Raad te doen.
 - (e) Klousules 5 en 6
Hierdie klousules wysig artikels 4 en 8 van Wet 15 van 1998 ten gevolge van die wysiging van artikel 2.
 - (f) Klousule 7
Hierdie klousule wysig artikel 9, ten eerste deur die woorde te skrap wat beoog het om 'n meganisme vir die oordrag van die administrasie van wette aan die Raad, wat nou gebrekkig bevind is, te skep. Ten tweede verleen dit nuwe bevoegdhede aan die Raad. Ten derde voeg dit 'n nuwe subartikel (1A) in, wat voorsiening maak vir die lewering van dienste deur die Raad waar dié dienste deur die Departement verlang word.
 - (g) Klousules 9, 10 en 11
Hierdie klousules wysig artikels 10(4), 11(8), 12(1) en 13(2) van Wet 15 van 1998. Hierdie wysigings is 'n uitvloeisel van die reeds genoemde wysiging van die Staatsdienswet, 1994.

- (h) Klousule 15
Hierdie klousule wysig artikel 15 van Wet 15 van 1998—
- (i) om die Raad toe te laat om persone, buiten die HUB, in diens te neem vóór die personeeloordragdatum;
 - (ii) om die stelsel waarvolgens personeel van die Departement aan die Raad gesecondeer word, te verander deurdat die Provinsiale Minister nou bemagtig word om te besluit watter personeel aldus gesecondeer moet word en watter personeel behou moet word, en
 - (iii) in subartikels (4) en (5) ten gevolge van (ii) hierbo en die reeds genoemde wysiging van die Staatsdienswet, 1994.
- (i) Klousule 13
Hierdie klousule wysig die voorbehoudsbepaling van artikel 22 van Wet 15 van 1998 ten gevolge van die wysiging van artikel 9(1) van die Wet.
- (j) Klousule 14
Hierdie klousule is 'n gevolglike wysiging van artikel 24 van Wet 15 van 1998.
- (k) Klousule 15
Hierdie klousule herroep Bylae 1 van Wet 15 van 1998 wat, vanweë die veranderde meganisme waardeur die administrasie van wette aan die Raad oorgedra word, nie meer nodig is nie.
- (l) Klousule 16
Hierdie klousule wysig Bylae 2 van Wet 15 van 1998 ten gevolge van die reeds genoemde wysigings van artikel 15 van daardie Wet en die Staatsdienswet, 1994.
- (m) Klousule 17
Hierdie klousule maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van hierdie Wet.